

# tuis opknapp

REGRUK MET FLAIR 2022/23

KENNERS GEE RAAD

## Kombuise Uitleg, kleure & afwerking Badkamers Teël-trends & toebehore

DINK UIT DIE BOKS!

Groot planne in 'n  
**PIEPKLEIN  
WOONSTEL**  
+ Van paneelwa  
tot kampeerwa

SIEN BL.

70



R95  
(BTW inkl.)  
Namibië N\$95

15+ PROJEKTE

# MAAK MOOI EN LEEF LEKKER!

VOOR  
& NA

*Wynkelder word gasteverblyf • Bou 'n vlak boontoe  
Pleister & verf sierstene • Kasarm nou oopplan-oase*

GQEERHA


HERMANUS

CENTURION

GROENPUNT

PAUL ROUX

NOORDHOEK







[www.radiant.co.za](http://www.radiant.co.za)

## JOU HUIS JOU STYL



**RP333** **PF0020WH**

Hanglig Wit & Chroom  
290mm(d) x 555mm(h)



**RP334** **PF0019WH**

Hanglig Wit & Chroom  
185mm(d) x 360mm(h)



**RP335** **PF0021WH**

Hanglig Wit & Chroom  
300mm(d) x 200mm(h)

Radiant Lighting bied jou al die jongste beligtingstrends met uitsonderlike gehalte en tydlose sofistikasie. Ons veelsydige reeks kan in elke behoefte ten opsigte van funksionaliteit, doeltreffendheid en styl voorsien, selfs vir die ingewikkeldste huisontwerp. Of jy nou omgewings-, taak- of aksentbeligting nodig het, laat ons jou help om 'n leefruimte te skep wat jy kan geniet.



JHB +27 (0)11 386 0000

CPT +27 (0)21 521 2500

DBN +27 (0)31 263 0088





## Kenners gee raad

- 15** Voor jy 'n muur afbreek
- 25** Só pleister jy sierstene
- 32** Oorweeg 'n losstaande kaggel
- 43** Wanneer jy nog 'n vlak bo 'n deel van jou huis wil bou
- 53** Polistireenpanele as boumateriaal
- 63** Benut jou kombuiseiland ten beste
- 67** Reëls en regulasies betrokke by opknop in 'n woonstelblok
- 87** Wenke vir jou eerste projek
- 93** Oorwegings by die ombou van 'n voertuig in 'n kampeerwa

### BADKAMERS

- 72** Die moets en moenies van plakpapier
- 75** Kies die regte afronding
- 77 & 79** Trendy teëls

### KOMBUISE

- 96** Onderhoud van hout-werkblaaie
- 98** Skep trefkrag met groot vensters
- 102** Die jongste kleurtendense
- 106** Voor die kontrakteur instap



## leserhuise

- 6** **Boho-sjiek by die see** Jong paartjie omskep 'n verwaarloosde kleinhoewe in 'n rustige oase
- 18** **Wat 'n transformasie!** Vars vooraansig, met 'n gewel in die Kaaps-Hollandse styl én 'n gesellige stoep
- 26** **Vir 'n nuwe begin** Huiseienaar swaai haar Boheemse towerstaf oor 'n ou Groenpuntse kothuis
- 34** **Op 'n hoër vlak** "Ons het 'n ekstra verdieping gebou vir ons groeiende gesin"
- 44** **Stille waters...** Knap selfdoener bou 'n wegbreekplek én 'n dam!
- 54** **Tuis op die platteland** Stadsjapies ontsluit die karakter van 'n 110 jaar oue woning in die Vrystaat
- 64** **Skep spasie** Van 'n outydse beknopte woonstel tot kontemporêre oopplan-huurverblyf

## fokus op

- 70** **Badkamers in die kollig**
- 94** **Maak jou kombuis werk!**

## uitspantyd

- 80** **Wyntenks word slaapplek**  
Entrepreneurs maak 'n plan vir 'n ekstra inkomste op hul vrugteplaas
- 88** **Reg vir die pad** Paneelwa word huis op wiele met elke geriefie onder die son



**E**lke jaar wanneer ons na die inskrywings vir die jaarlikse *Regruk met Flair*-kompetisie begin kyk, besef ek opnuut: *Tuis*-lesers is my “tribe”. Jy ken seker dié uitdrukking wat mense so graag informeel gebruik wanneer hulle iewers iemand raakloop met wie hulle net kliek.

Jy ken dalk ook “My dam se ganse,” of “Ons is in dieselfde WhatsApp-groep.”

Mý mense.

Want dis die stories agter die inskrywings wat dikwels selfs meer as die inskrywings my aandag trek. En my laat lees en “luister”. Soos ’n huis wat ná ’n egskeiding ’n hawe word, een met ’n tuintjie vir ’n aanneemhond (*bladsy 26*). En ’n dam – ja, wraggies! Toe sommer ook ’n huis langs die einste dam (*bl. 44*). So is daar talle ander.

By die onlangse Tuis | Home-dekorskool in Pretoria, aangebied in vennootskap met Mr Price Home, sit en gesels ek en een van die studente, en sy sê my eie woorde vir my terug: “Jy weet, ek hou mos van die reuk van vars verf en nat sement.” Sela. Sy’s ook in my WhatsApp-groepie ...

So gepraat van WhatsApp-groepies: ’n Vriendin tik nou eendag vir my: “Ek gaan nou vir jou ’n *voice note* los in die volgende boodskap. Luister dubbelspoed. Ons almal se tyd is min.”

Ek het uitgebars van die lag. Want (a) Ek kan nie na vriende luister as hulle skielik soos Smurfs klink nie. En (b) Daar is altyd tyd. Selfs al is daar nie. Want dan moet ons tyd maak. Vir luister, op gewone spoed. Want hier trek ek die streep. Die lewe is vinnig en dol en gejaagd genoeg. Ek gaan beslis nie meedoen en die wêreld nog vinniger laat tol met dubbelspoed-WhatsApp-boodskappe nie!

Die einde van 2022 is in sig en 2023 wink. Ek het ’n nuwe plan hier by my huis vir die nuwe jaar, maar daarvoor moet ek eers Erfenis Wes-Kaap se toestemming kry, en ek verstaan hulle doen niks teen dubbelspoed nie.

Maar ek kan wag. Stap vir stap deur die proses gaan, en wanneer die tyd kom, my voorstoep oordoen vir nog baie kuiers met mense wat ek lief het.

En dan gaan ons stories uitruil oor die lewe, en die verrassings wat dit bring. En glasies klink op dié wat al weg is, en nog glasies klink op dié wat nog uithou.

En luister.

En lag.

En ons volgende regrukprojek beplan!

**Wicus** [redakteur@tuis.co.za](mailto:redakteur@tuis.co.za)

***Tuis Opknapp* is ’n jaarlikse uitgawe, gekoppel aan ons *Regruk met Flair*-kompetisie in vennootskap met JoJo. As jy verlede jaar se uitgawe misgeloop het en nog inspirasie soek, bestel joune by [media24shop.com](http://media24shop.com) – dan lewer ons hom by jou huis af.**



# tuis opknapp

**REDAKTEUR**  
Kaaipstad-posadres  
Algemene navrae

Wicus Pretorius • [redakteur@tuis.co.za](mailto:redakteur@tuis.co.za)  
Posbus 1802, Kaapstad 8000  
Yumna Tofey  
[yumna.tofey@media24.com](mailto:yumna.tofey@media24.com) • 021 406 2205

**REDAKSIE**  
**Artikelredakteur**  
**Kreatiewe redakteur**  
**Ontwerpredakteur**  
**Kosredakteur**  
**Tuinredakteur**  
**Selfdoenredakteur**  
**Teksredakteur**  
**Digitale redakteur**  
**Projekbestuurder**  
**Foto-opknapper**

Beatrice Moore-Nöthnagel  
[beatrice.noethnagel@media24.com](mailto:beatrice.noethnagel@media24.com)  
Marian van Wyk  
Andrew Maritz  
Johané Neilson • [johane.neilson@tuis.co.za](mailto:johane.neilson@tuis.co.za)  
Marié Brody  
Deon de Goede  
Johletta Brits  
Annette de Wet  
Suné Esterhuizen  
René Nortjé

## MEDEWERKERS

Kim Arendse, Greg Cox, Cecile Greyling,  
Mary Jane Harris, Christoph Hoffmann, Haidee Muller-Isaacs,  
Marie Opperman, Karl Rogers, Henrique Wilding

## MEDIA24 LEEFSTYL

### VERKOPE & BORGSKAPPE

**Hoof: Borgskappe en Kommersieel** Nikki Ruttimann, [nikkir@media24.com](mailto:nikkir@media24.com)  
**Hoof: Advertensies** Sarah Curtis-Bowles, [sarah.curtisbowles@media24.com](mailto:sarah.curtisbowles@media24.com) 021 461 2396  
**Sleutelklantbestuurder** Charlene Meyer, [charlene.meyer@media24.com](mailto:charlene.meyer@media24.com) 082 928 5970  
**Sleutelklantbestuurder** Daniela De Giovanni, [daniela.digiovanni@media24.com](mailto:daniela.digiovanni@media24.com) 083 709 7040  
**Sleutelklantbestuurder** Susan Pienaar, [spienaar@media24.com](mailto:spienaar@media24.com) 083 281 7300  
**Geklassifiseerd** Evonne Mehl, [evonne.mehl@media24.com](mailto:evonne.mehl@media24.com) 021 461 2396

### ATELJEE

**Skeppende direkteur** Michael de Beer, [mike.debeer@media24.com](mailto:mike.debeer@media24.com)  
**Handelsredakteur** Gerda Engelbrecht, [gerda.engelbrecht@media24.com](mailto:gerda.engelbrecht@media24.com)  
**Bemarkingsbestuurder** Andile Nkosi, [andile.nkosi@media24.com](mailto:andile.nkosi@media24.com)

### MEDIA24 DIVERSE INKOMSTE

**Bestuurder: Groeiprojekte** Lise van Breda, [lise.coetsee@media24.com](mailto:lise.coetsee@media24.com)  
**Bestuurder: Diverse Projekte** Edmund Beukes, [edmund.beukes@media24.com](mailto:edmund.beukes@media24.com)  
**Koördineerder: Diverse Projekte** Anene de Klerk, [anene.deklerk@media24.com](mailto:anene.deklerk@media24.com)

### PUBLIKASIESPAN

**Hoofbestuurder: Media24 Leefstyl** Nerisa Coetzee  
**Hoof van finansies: Media24 Leefstyl** Jameelah Conway  
**Bedryfsbestuurder: Media24 Leefstyl** Edwina Lyners

### SIRKULASIE

**Sirkulasiebestuurder** Armand Kasselmann, [armand.kasselmann@onthedot.co.za](mailto:armand.kasselmann@onthedot.co.za)  
**Produkbestuurder** Janine Snyman, [janine.snyman@onthedot.co.za](mailto:janine.snyman@onthedot.co.za)

### MEDIA24 KORPORATIEF

**Uitvoerende hoof: Media24** Ishmet Davidson  
**Hoofbestuurder: Media24 Leefstyl & Nuus** Minette Ferreira

### INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

BEL 087 353 1300 • FAKS 086 296 6681 • E-POS [subs@media24.com](mailto:subs@media24.com)  
SMS “tuis” na 32361 (R1 per SMS) • WEB [Zinio.com](http://Zinio.com) of [Magzter.com](http://Magzter.com)

*Tuis* word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40,  
Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121

**MEDIA24**

Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.





# Verhelder die vaal

Die Woodoc-Manier



Woodoc 45 is 'n waterdraende verseëlaar, geskik vir ongeglasuurde, poreuse substrate. Dit verleen 'n kleurlose, glans- en mat afwerking wat die prag van natuurlike teëls, klip, steen en ornamentele plaveisel beklemtoon.

*Woodoc Colours Reeks - geskik vir gebruik met Woodoc 45 Teël en Sement Verseëlaar.*



TEËLS   SEMENT   PLAVEISEL   STENE   KLIP

Ons webwerf het volledige besonderhede en "Hoe-om-dit-te-doen" -advies.

Gebruik ons nuwe **Woodoc Wizard** om die perfekte verseëlaar te kies.  
[www.woodoc.help](http://www.woodoc.help)



NOU BESKIKBAAR IN  
GLANS EN MAT

**Woodoc**  
KOS VIR HOUT

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure. [www.woodoc.com](http://www.woodoc.com) Woodoc WhatsApp +27 66 302 4702



# Boho-sjiek by die see

Deur Marie Opperman • Foto's Greg Cox  
Produksie Marian van Wyk

Waar 'n doolhof van hoenderhokke, geprakseerde huurkamertjies en 'n ondergrondse stoorkamer was, pryk nou 'n oase van kalmte en styl.



**WIE WOON HIER?** Karin en Shaun Nel, klein Kayla (4), vier honde, twee katte en vyf poue  
**WAAR** Chelsea, buite Gqeberha  
**GROOTTE** 280 m<sup>2</sup>

**K**arin en Shaun Nel se huis in die bewaringsgebied Chelsea buite Gqeberha in die Oos-Kaap het al die oopte en lig om hul omgewing ten beste te benut, afgerond met sjiek inkleding.

“Ek het ’n boheemse strandgevoel geskep met wit en die kleure van hout en rottang,” vertel Karin. “Die hout bring ’n element uit die natuur in en breek die wit van die mure. Dié beperkte palet dra soveel rustigheid oor.”

Die huis, wat hulle Seaview noem, het ’n uitsig oor branders wat net ’n paar kilometer weg op die strand breek. “Ook dít dra by tot die kalmte. ’n Mens kan ure lank hier sit en uitstaar oor die see.”

Karin en Shaun mág maar agteroor sit en die huis wat hulle uit ’n afgeleefde kasarm geskep het, geniet. “Ons het eintlik net die dop behou,” sê Karin.” Toe hulle die eiendom in 2020 gekoop het, was die plek taamlik verwaarloos. “Daar was huurders in die opwaskamer en die toegebooue stoep; dié was in vyf vertrekke verdeel. Hulle het die plek baie verniel. ’n Mens kon sien daar is jare gelede laas onderhoud aan die huis gedoen.” >>

#### SWEMBAD

Die Nels wou nog altyd ’n swembad gehad het, maar hul vorige erf was te klein daarvoor, vertel Karin. “Toe ek die toegebooue swembad hier sien, het ek dadelik gedink aan ’n oorloopswembad (“infinity pool”) met ons mooi see-uitsig in die agtergrond. Baie kontrakteurs het gesê ons moet maar net laer op ons eiendom ’n nuwe swembad insit, maar ek was vasbeslote om die ou swembad te herstel,” vertel Karin.

“Ons swembad het ’n uitsig op Sardiniabaai se strand, waar die inwoners graag skemerkies gaan geniet.” Die plantegroei tussen hulle en die see, sowat 5 km weg, is deel van die Chelsea-bewaringsgebied. Die tuin was egter ’n doolhof van hoenderhokke, want die vorige eienaars het met hoenders en ander pluimvee geboer. Shaun en Karin het al die hokke afgebreek sodat die tuin en uitsig tot hul reg kon kom.



Die swembad was met ’n betonblad bedek en as opbergplek gebruik.



Wit Estcourt-plaveistene van SmartStone;  
Duck Egg Mosaic-teëls van CTM



## KROEG

Omdat die paartjie graag onthaal, was die kroeg 'n noodsaaklike deel van hul ontwerp. In 'n inham waar 'n vorige venster toegebou is, het Shaun rakke van populierhout vir glase en bottels ingesit. Die houtbord op die toonbank was 'n vlooiemarkkopie.

Kroegkas gebou deur Bennie Wiese; Cloudy White Quartz-blad van International Granite Company; Nexa-kroegstoele in Mint van Cielo; houtkunswerk van Mr Price Home



## LEEFAREA

Die gedeelte waar die kroeg, eetkamertafel en wit bank nou is, was in die ou toegeboude stoep wat in vyf huurkamertjies verdeel was. Al die skeidsure tussen die kamers is afgebreek vir 'n groot oopplan-leefvertrek wat die kombuis, kroeg, 'n eetkamer en sitkamer insluit. 'n Skuins muur aan die kant is reghoekig uitgebou, terwyl die vensters en ou skuifdeur met nuwe groot skuifdeure vervang is.





#### INGANGSPORTAAL

Die voordeur was 'n ou staldeur met 'n kantvenster, wat hulle uitgehaal het. Hulle het die deuropening en portaal vergroot en 'n groter deur (*in die spieël*) ingesit. 'n Lae muur onder die venster is ook uitgekap. "Voorheen het jy direk van die voordeur af by die studeerkamer ingekyk, maar ons het dit toegebou," sê Karin. Die houtkas was voorheen 'n buffet. "Dit pas perfek hier."


Planthouer en ornamente van Mr Price Home



#### EETAREA

Shaun het die eetkamertafel en bankie gebou van twee ongebruikte dakbalke wat elk sowat 7 meter lank was.

Rottangstoele van Builders; hanglig van Mr Price Home



## Drome word waar

Shaun, 'n inligtingstegnoloog, en Karin, 'n geektrooieerde rekenmeester, het voorheen in die stad gewoon. "Ek het nog altyd daarvan gedroom om op 'n kleinhoewe te woon en diere aan te neem," vertel sy.

Hul huissoektog het in 2019 begin. "Ons kon niks kry wat ons sak gepas het en waar ons 'n toekoms kon sien nie," sê Karin. "Dié eiendom was van die begin af op die lys. Die erf is 2,9 hektaar groot, maar die slegte toestand van die gebou het ons afgeskrik. Dit was boonop te duur. Toe, middel 2020, hoor ek die prys is verlaag.

"Met ons tweede besoek het ons deeglik video's van alles geneem. Ons wou seker maak ons kon die see-uitsig behou.

"Ons ouers het ons gewaarsku dat enige opknop hier harde werk sou kos. Hulle het nie gedink dis iets wat ons kon aanpak nie," vertel sy. "En van ons vriende was oortuig ons is stapelgek!"

Maar dit het die paartjie nie afgeskrik nie. Hulle het die eiendom gekoop en teen November 2020 kon hulle met die werk begin.

Dit was hul eerste huisopknop. "Ons het altyd graag na die realiteitsprogram *The Block* gekyk, waarin spanne met mekaar meeding deur hul onderskeie opknapprojekte," vertel sy. "Shaun doen graag houtwerk. En as ek nie 'n rekenmeester geword het nie, was ek 'n ontwerper."

Terwyl hulle vir die oordrag gewag het, het Karin die oorspronklike huisplan oorgeteken. "Ons het elke moontlike verandering goed oorweeg, soos watter mure om uit te breek vir 'n oopplan-leefarea. Ons bouer, 'n ou skoolvriend, Bennie Wiese van Mega Services, het raad gegee." Die gesin het deur die hele projek in 'n woonstel op die erf gebly.

"Om koste te bespaar het ons alles wat ons self kon doen, eiehandig aangepak," vertel Karin. "Die vernuwings was binne 'n jaar klaar, net mooi gereed vir ons eerste onthaal – Kayla se verjaarsdag. En daardie geleentheid het bevestig dat ons nou die ideale onthaalhuis het." >>




## KOMBUIS

Die kombuis was 'n klein vertrek van net sowat 18m<sup>2</sup>. Met die oog op een groot oopplanleefruimte is die mure tussen die kombuis en eetkamer afgebreek. Die 3 m lange kombuiseiland staan nou waar die kombuismuur was.



Cloudy White Quartz-werkblaaie van International Granite Company; hangligte en stoeltjies van Mr Price Home; Hong Kong-bamboesblinding van PC Agencies; wit melkbeker van Warwick-wynlandgoed





### SITKAMER

Shaun het 'n nuwe kaggelrak van populierhout gemaak, terwyl Karin die stene afgewit het met verdunde wit voegbry.

Skulpe van The Shell Shop; stoeltjie, kussings en grasmatt van Mr Price Home; mandjies en speëls van Builders; bank van Coricraft

### Dis in die detail

In die kombuis en voorportaal is daar nou twee nuwe populierhoutbalke. Eersgenoemde is byna 7 meter lank. "Ek het die balke laat insit waar mure uitgebreek is," verduidelik Karin. "Nie net breek dit die wit en skep 'n mate van verdeling nie, die balke vul ook die openinge in die plafon waar die mure was. So kon ons geld spaar deur nie groot plafondele oor te doen nie."



### VLOERE

Voorheen was daar 'n mat in die studeerkamer en teëlvloere in die res van die huis – "'n ander soort in elke vertrek!" onthou Karin. "Met die oopbreek van die mure moes ons in elk geval al die vloere vervang." Vinielvloere is deur die hele huis gelê, behalwe in die badkamers. "Ons het dit gekies oor die honde en die swembad, want dit maak maklik skoon." >>

Twigg Buttermilk Oak-vloere van Builders; verf van City Paint & Tool





## HOOFSLAAPKAMER

Die hoofslaapkamer was 'n afsonderlike woonstel met 'n slaapkamer, 'n kombuisie wat sonder planne aangebou is, 'n sonkamer afgeskort deur 'n klein muurtjie, en 'n stoep onder 'n afdak. Die sonkamer is nou die hoofslaapkamer se stoep, met 'n skuifdeur waar die klein muurtjie was. Die afdak is verwyder om natuurlike lig in die vertrek te bring. Die venster is waar die kombuisie was.

Carlisle-kopstuk en -bedkassies van Cielo; grasmatt, strooikussings en hanglig van Mr Price Home



## Verfkleur

Duram Kalahari Dawn





## BADKAMER

Die vorige tweede badkamer is nou 'n en suite-badkamer en instapkas by die hoofslaapkamer; die badkamerdeur in die gang is toegebou. Shaun het die wasbakkas self gemaak. >>

Bronx Turquesa-stortteëls van Trend Tap & Tile; Bijou Vintage Bronze-stortkop, Dadoquartz Vivian-wasbak en -bad in Pearl White, asook Bijou-kraan van CP&B


## Verfkleur

Dulux Bathroom White






HUIS



Twee poue, wat waarskynlik vir teeldoeleindes aangehou is, het op die eiendom agtergebly. Die gesin het nou aangegroeï tot vyf.

TOTAAL: R429 012


|                          |         |
|--------------------------|---------|
| Bouwerk                  | 121 860 |
| Bakstene, sement, ens.   | 33 000  |
| Vensters                 | 18 762  |
| Skuifdeure               | 17 693  |
| Vloere                   | 43 470  |
| Populierbalke            | 3 400   |
| Deure                    | 9 700   |
| Verf                     | 6 000   |
| Kragproppe en skakelaars | 2 700   |
| Kombuis                  |         |
| Kaste, handvatsels       | 9 100   |
| Werkblaai                | 19 600  |
| Krane                    | 3 500   |
| Hoofbadkamer             |         |
| Wasbak en toilet         | 2 300   |
| Krane                    | 1 000   |
| Stort                    | 3 000   |
| Teëls                    | 3 000   |
| En suite-badkamer        |         |
| Bad                      | 10 000  |
| Wasbak en toilet         | 2 600   |
| Krane                    | 1 000   |
| Stort                    | 3 000   |
| Teëls                    | 3 000   |
| Swembad                  |         |
| Penguin Pools            | 95 300  |
| Mosaïek                  | 7 183   |
| Sloot-/laaigraaf         | 2 588   |
| Randteëls                | 2 256   |
| Kreepy, ens.             | 4 000   |



DAKBALKE

Van die vier balke wat onder die plafon was, het hulle net twee behou; Shaun het die ander twee gebruik om die eetkamertafel en -bankie te bou. Eers nadat hulle die plafonne verwyder het, het hulle brandskade ontdek wat nie tydens die koop uitgewys is nie. “Ons moes al die stutbalke in die dak vervang,” sê Karin. “Dit het die projek met twee maande vertraag, en prokureurs moet nou besluit wie vir daardie koste verantwoordelik is.”

Populierhoutbalke van Die Houtstoor op Humansdorp



KINDERKAMER

Kayla is versot op haar doelgemaakte bed wat met feëliggies behang is.

Bed gemaak deur Making a Mark; ligte van Takealot; grasmat en stoeltjie van Mr Price Home



Verfkleur

Duram Kalahari Dawn

VERSKAFFERS Cielo cielo.co.za City Paint & Tool citypaint.co.za Coricraft coricraft.co.za CP&B cpandb.co.za CTM ctm.co.za Die Houtstoor 073 533 6366 International Granite Company internationalgranitecompany.com Making a Mark facebook.com/MakingAMARK4U PC Agencies pcagencies.co.za SmartStone smartstone.co.za The Shell Shop theshellshop.co.za Trend Tap & Tile trendtapntilepe.co.za Warwick-wynlandgoed warwickwine.com






#### Verfkleur

Plascon Easy Living  
Matt White

Laurence-hoekbank en muurkuns van Cielo;  
strooikussings van Mr Price Home



#### [KENNERSRAAD]

### Voor jy mure uitbreek

**Bennie Wiese van Mega Services waarsku:**

“Wanneer ’n mens ’n muur wil uitslaan, moet jy versigtig wees dat jy nie ’n lasdraende muur, wat die dak ondersteun, afbreek nie.”

Maar hoe weet ’n mens of ’n muur lasdraend is?

“Gaan kyk in die dakruimte waar die plafonbalke op ’n muur rus,” is sy raad. “As daar ’n opening is tussen die dakkappe en die muur, dra die muur nie die dak se gewig nie. Dan kan jy maar die muur verwyder.”

Hy sê ’n mens behoort ook op betroubare huisplanne te kan sien watter mure is lasdraend. Omdat die Nels se huis baie oud was, is dit nie op die oorspronklike planne aangedui nie.

Waar die dakkappe op ’n muur rus, kan die dak ineenstort indien jy dit verwyder. “Wanneer jy so ’n muur wil afbreek, moet jy ’n struktuuringenieur inroep. Die ingenieur sal in die dak ondersoek instel en kan aanbeveel dat ’n lasdraende latei ingesit

word. Dit moet dan ook so op die huisplanne aangedui word; daarna sal hy kom inspeksie doen.

“Alle buitemure is normaalweg lasdraende dubbelmure en sal ook ’n latei nodig hê as jy dit wil oopbreek.”

In dié prosesse word ’n ruimte waarin die latei sal pas, uit die muur gebreek; die latei word dan daar ingebou voordat die muurdeel daaronder uitgebreek kan word. Terwyl die bouwerk aan die latei droog word en verhard, moet die dak vir minstens sewe dae deur stutpale ondersteun word. Dit kan duur uitwerk, waarsku Bennie. “’n Latei kan baie kos en jy moet ook die ingenieur betaal.”

Binnemure wat nie lasdraend is nie, is gewoonlik van ’n enkelry stene. “Maar moenie daarop staatmaak nie,” sê Bennie. “Soms, soos wanneer die dak begin sak het, kan dit op die muur rus.”

**KONTAK** 076 096 5963, bennie@mega-services.co.za 📞





# JoJo-oplossings vir munisipale opgaarwater

Vir gemoedsrus in tye van watertekort.



## Komponente wat jy nodig het vir 'n munisipale opgaarstelsel van JoJo

**Neem kennis:** Die komponente hang af van die soort stelsel en waarvoor jy die opgegaarde munisipale water wil gebruik.



## Van tenk tot filtrasie: die vereiste komponente in 'n neutedop.

### Watertenk

Wanneer jy oor die regte tenk moet besluit, dink waarvoor die water gebruik sal word en hoeveel opgaarwater jy nodig het.

Gebruik die skatting hieronder as 'n gids om jou te help om die regte grootte tenk te kies:

| Mense        |     |     |     |     |
|--------------|-----|-----|-----|-----|
| 1            | 2   | 3   | 4   | 5   |
| Liters p/dag |     |     |     |     |
| 150          | 300 | 450 | 600 | 750 |

Grootte van tenk = liter/dag x totale dae rugsteun verlang, d.w.s.  
4 mense (600 liter) x 3 dae = 1 800 liter.

### Basis/fondament

Dit is baie belangrik dat die tenk op 'n stewige, gelyk, gladde basis geïnstalleer word. As jou plaveisel hieraan voldoen, is dit genoeg. Indien nie, moet jy 'n betonblad van minstens 85 mm dik gooi wat 100 mm breër as die basis van die tenk is.

### Pomp

Wanneer jy 'n pomp kies, is dit belangrik om die waterbron in berekening te bring sowel as die druk wat nodig is om aan jou behoeftes te voldoen. Besoek ons webwerf om die beste pomp vir jou unieke behoeftes te kies.

### Pompbedekking

Dit is noodsaaklik om jou pomp teen die elemente te beskerm sodat dit langer kan hou. JoJo-pompbedekkings is in 'n verskeidenheid kleure beskikbaar om te pas by jou tenk en huis.

### Pomp-tenk-verbindingstel

Met dié stel kry jy naatlose verbinding tussen jou JoJo-tenk en enige van ons pompe van 0.37kW, 0.55kW, 0.6kW of 0.75kW.

### Pype en passtukke

Die grootte van die pype en passtukke sal wissel volgens die stelsel wat jy verkies. Dit is belangrik om die volgende in gedagte te hou:

**Pype** - jy het pype nodig om die volgende te verbind

- jou tenk aan die munisipale toevoer
- jou tenk aan die pomp
- die pomp aan jou huis se pype

**Balkleppe** - om jou komponente te isoleer en jou stelsel beter te bestuur stel ons voor jy gebruik balkleppe tussen die volgende verbindings:

- munisipale toevoer en jou tenk
- jou tenk en die pomp
- die pomp en die toevoer na jou huis

**Geenterugvoer-kleppe** - ons beveel altyd sulke kleppe aan om te verseker daar is geen druk in die rigting van die munisipale toevoer nie.

Besoek ons webwerf vir gedetailleerde riglyne en diagramme oor passtukke en verbindings.

### Dryfklep-stel

Met dié stel word jou JoJo-tenk sonder moeite gevul. Dit sluit 'n outomatiese afsluit-funksie in. Jy kan die tenk met 'n tuinslang volmaak of jy kan dit aan jou huis se pype koppel vir 'n meer permanente oplossing.

### Filtrasie

Ons beveel altyd aan dat water eers gefiltreer word voor gebruik as jy nie seker is van die gehalte nie. Ons stel die volgende filtrasie-oplossings voor:

**Opsie 1:** 'n Filter op die kombuistoonbank of onder die wasbak wat aan een of meer krane gekoppel is vir drinkwater.

**Opsie 2:** 'n Filter wat buite die huis geïnstalleer word en wat alle water filtreer wat in die huishouding gebruik word.

Ons beveel aan dat jy 'n loodgieter gebruik om die stelsel aan die huis se hoofwatertoevoer te koppel.

**Besoek ons webwerf om te sien waar is jou naaste JoJo-installeerder. Vir nog inligting oor hierdie produkte en vir stap-vir-stap-aanwysings besoek [jojo.co.za](http://jojo.co.za)**



# Wat 'n transformasie!

Hul gepleisterde sierstene, nuwe braaistoep én 'n gewel maak dié opknappers baie opgewonde.

*Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto's Henrique Wilding • Produksie Marian van Wyk*





**WIE WOON HIER?** Marilé en Rudi Pieterse,  
hul seun, Emile (8) en die hond Diesel  
**WAAR** Hermanus  
**GROOTTE** 250m<sup>2</sup> (huis, garage en stoep)

**VOORAANSIG**

Die Pieterses het die vensters aan die voorkant van die huis vervang met voudeure om die binne- en buiteareas as een leefruimte te kombineer. "Dit was van die duurste items wat ons moes aankoop, maar sjoe, as jy daardie deure eers oopmaak op ons nuwe stoep, is dit elke liewe sent werd," sê Marilé.

Nuwe heining (*inlas*) deur Absolut Fencing





## KOMBUIS

Van hul ou kaste het 'n tweede lewe gekry in die Pieterses se kombuis en opwaskamer. "Ons het dit mooi opgetooi met verf en nuwe handvatsels." Marilé het ook twee buffetkaste op Facebook Marketplace gekoop en as ekstra kombuiskaste ingespan. "Dit het baie minder gekos as om nuwes te bou."

## KOMBUIS

Binne die huis was al die leefruimtes apart, met mure tussenin. "Ons hou niks van kompartemente nie; dit laat 'n mens skoon benoud voel," sê Marilé. Daarom het hulle al die skeidsmure in die kombuis en sitkamerdeel afgebreek en dit in 'n pragtige oopplan-leefruimte omskep. "Ek wil met my gaste gesels terwyl ek in die kombuis doenig is," verduidelik sy. Die pragtige houtkas in die kombuis is 'n erfstuk van Rudi se ouma.

Ronde mat van Mr Price Home; hangligte van PEP Home; vloer deur Flooring Solutions; granietblaaie van Granite Projects







#### WAS-EN-OPWASDEEL

Dit het Marilé ses maande geneem om die waskamer te beplan. “Ek hou van orde en netheid,” sê sy. “En dit moes prakties wees – ek wou ’n wasmasjien, tuimeldroër en skottelgoedwasser daar laat inpas, én kaste met plek om die stofsuier en wasgoedmandjies weg te steek.” Op die ou end het die Pieterses hul geiser, wat in die een hoek was, na buite die huis geskuif.

**M**et elke kuierslag op Hermanus het dié lieflike Overbergse kusedorp al hoe verder onder Rudi en Marilé Pieterse se velle ingekruip. Algaande het dié gesin besef hoe keelvol hulle eintlik vir die stad se gejaag was.

“Ek onthou hoe gespanne ek was elke keer as ons oor die berg ry uit die stad uit, maar as ons eers die seelug inasem, was als vergete,” vertel Marilé. “Daar is iets magies aan die omgewing, en om uiteindelik uit Durbanville hierheen te trek, was ’n maklike besluit.”

Marilé het haar veeleisende werk as bestuurder van ’n groot mediese praktyk bedank; deesdae werk sy vir Rudi se staalmaatskappy Makit Kustoms hier op Hermanus waar die gesin sedert Desember 2021 woon.

“Dit was die regte tyd om af te skaal, want ek het hard gewerk en my kind eenvoudig te min gesien,” vertel sy.

Die Pieterses het ’n knus blyplek met ’n tipiese plaasgevoel gesoek, maar niks wat hulle gesien het, wou met hul siele praat nie. Tot die dag toe hulle die vaal, reghoekige sierstenhuis binnestap – albei het dadelik geweet: Dis hier waar hulle wil neskop. En al was dit allermens hul droomhuis, het die planne dadelik deur albei se koppe begin maal oor hoe hulle dit in een kon omskep.

“Dit was die eerste huis waar Rudi dadelik wou weet of ons ’n aanbod moes maak,” vertel Marilé. “Die huis was toe al langer as ’n jaar op die mark. Ek het dit ’n paar keer op die eiendomsagentskap se webtuiste gesien en iets omtrent dié onaansienlike sierstenhuis het my al meer begin fassineer.” Die koop is kort daarna beklink.

In Januarie 2022 het die bouwerk in alle erns begin. “Ons het tussendeur die bouery in die huis gebly – dit was ’n stowwerige deurmekaarspul, maar ons het deurgedruk.”

Rudi en Marilé deel ’n voorliefde vir Kaaps-Hollandse huise met groot, gesellige kuierstoepe. “Dis hoekom ons heel eerste ’n splinternuwe stoep met ’n dak laat aanbou het,” verduidelik sy.

“Daarna het ons die sierstene laat pleister en sommer ook ’n gewel gebou. En toe ek daai klaar geboude gewel so kyk, toe was ek éers opgewonde.

“Wat ’n transformasie! Dit het my dadelik laat dink aan plaas, familie en kultuur, en dáárdie gevoel maak my hart warm.” >>

#### EETKAMER

Soos die meeste van hul meubels het Marilé ook die eetkamertafel en -stoele op Facebook Marketplace gekoop. Sy het die stoele wit geverf en self die sitplekke oorgetrek.



Glase van Mr Price Home; eetkamermat van @home





## HOOFSLAAPKAMER

'n Kamer en badkamer aan die agterkant van die huis is nou die hoofslaapkamer. "Nadat ons van die mure uitgebreek het en 'n instapkas laat bou het, lyk dit sommer heelwat groter." Marilé het die idee vir die treffende fokusmuur met houtpaneel op Pinterest gesien.

Duvetsloop en strooikussings van Mr Price Home

## Verfkleur

Dulux Dragon Feel



Wil jy 'n fokusmuur soos hierdie skep? Kyk by [netwerk24.com/tuis](https://netwerk24.com/tuis) hoe jy dit self kan doen, stap vir stap.







### EN SUITE-BADKAMER

Die Pieterses het tot dusver twee van die huis se vier badkamers opgeknop – die hoofslaapkamer s'n en die gastetoilet. “Die ander twee moet eers wag,” sê Marilé. “Ons hou van ’n Marokkaanse gevoel en die teëltjies in die en suite met hul unieke tekstuur laat my dink aan ou plaashuise se stoeprappies.” ’n Embuia-buffet – nog ’n tweedehandse kopie – is vir ’n besondere wasbakkas ingespan. Al die spieëls hier en in hul slaapkamer is Facebook Marketplace-kopies. >>

Teëls van Tiletoria; groen handdoek van Woolworths; grys handdoek van The Cotton Company; lyfprodukte van Fijn Botanicals en Skin Creamery





## TOTAAL: R658 085

|                                                   |         |
|---------------------------------------------------|---------|
| Verwydering van bome                              | 5 100   |
| Ligte (buite, binne en stoep)                     | 8 306   |
| Voudeure en vensters                              | 71 615  |
| Bouer (loodgieters- en elektriese werk ingesluit) | 201 560 |
| Teëls, wasbakke en krane                          | 22 898  |
| Verf, boumateriaal                                | 75 000  |
| Vloere                                            | 42 465  |
| Toilet, krane, stortkoppe                         | 11 687  |
| Bakstene vir plaveisel                            | 37 028  |
| Afdak (insluitend ingenieur)                      | 47 850  |
| Heining                                           | 110 259 |
| Allerlei dekor en meubels                         | 24 317  |


### STOEP

Die voorstoep, waar die meubels en plante die gevoel van 'n ontspanne buitevertrek skep, is 'n gunstelingkuierplek. Marilé het die bank en stoel lank gelede by 'n tweedehandswinkel gekoop en eers onlangs met kunsleer laat oortrek vir 'n vars voorkoms.

Bakstene van Corobrik; dakkappe van Coastal Trusses; kussings en mat van Mr Price Home; deken van Woolworths








### Verfkleur

(kaggel) Plascon  
Tribeca Corner



### KAGGEL

Die braaiplek in die huis was een reuse-seeroog en het haar aan 'n pizzaoond laat dink, sê Marilé. Dis afgebreek en nou trek die nuwe kaggel behoorlik aandag in die Pieterses se sitkamer. Die kleurrike kunswerk – 'n trougeskenk van Rudi se ma, Sandra – staan lieflik uit teen die donker agtergrond. Rudi het die staalboog aan die voorkant van die kaggel uitgesnuffel by Over and Over ('n winkel wat oudhede en tweedehandse boumateriaal verkoop), dit skoongemaak, opgeknap en eeffe aangepas. Die seshoekige teëls voor die kaggel maak Marilé baie opgewonde. “Ek het dadelik geweet dis presies wat ek hier soek.”

Teëls van Tiletoria; koffietafel deur Makit Kustoms; leerbank van Panga Panga; mat en strooikussings van Mr Price Home; kombars van Ethos



### [KENNERSRAAD]

## As jy sierstene wil pleister

Omdat die Pieterses hou van huise wat herinner aan die Kaaps-Hollandse styl, het hulle 'n gladde afwerking pleks van die siersteenmure verkies. “Die pleister het aanvanklik gekraak, maar danksy 'n spesiale bindmiddel en goeie verf is dit nou iets van die verlede. Ons besef verf bring voortdurende onderhoud mee, maar as jy 'n goeie verf gebruik, hoef jy nie elke jaar te verf nie,” sê Marilé. Jaco Crafford van Crafford Meesterbouers het dié raad:

- 1 Maak seker die siersteenmure is skoon, sonder stof of swamme. Wend 'n swamweerder soos Steriklenz aan, en spuit skoon met 'n hoëdrukspuit (maak doodseker alle los materiaal is verwyder).
- 2 Plak vensters en deure toe met plastiek om dit te beskerm.
- 3 Meng 'n bindmiddel soos Permabond met sement, water en sand, en verf dit aan die stene. Dit dien as bindmiddel tussen die bestaande siersteenmure en nuwe pleister – iets wat veral nodig is indien die sierstene 'n gladde oppervlak het.
- 4 Pleister die mure met 'n sement-en-pleistersandmengsel (in die verhouding 1:4). Boukalk of plastiseerder kan bygevoeg word om die mengsel 'n sagter, romeriger tekstuur te gee wat aanwending

vergemaklik. Die afgewerkte mure kan in die volgende paar dae natgespuit word om te verhoed dat die pleister te vinnig uitdroog en kraak.

5 Sodra die pleister goed uitgedroog het, is die muur gereed om gevef te word. Verwyder los materiaal op die oppervlak met skuurpapier of 'n skuursteen. Wend 'n goeie alkalibestande onderlaag met 'n oliebasis oor die gepleisterde oppervlak aan met 'n verfroller. Daarna kan die muur in sy finale kleur gevef word. Vir hierdie doel beveel ek 'n verf aan met goeie waterdigtings-eienskappe, asook elastisiteit om latere “windbarste” te beskerm.

**KONTAK** craffordmeesterbouers.co.za 📍

**VERSKAFFERS** @home home.co.za **Absolut Fencing** absolutfencing.co.za **Coastal Trusses** coastaltrusses.co.za **Corobrik** corobrik.co.za **Ethos** ethos-store.co.za/  
**Fijn Botanicals** fijnbotanicals.com **Flooring Solutions** flooringolutions.co.za **Granite Projects** graniteprojects.co.za **Makit Kustoms** 082 727 8105,  
info@makitkustoms.co.za **Mr Price Home** mrphome.com **Over and Over** 028 312 3307 **Panga Panga** pangapanga.co.za **PEP Home** pepstores.com  
**Skin Creamery** skincreamery.com **The Cotton Company** thecottoncompany.co.za **Tiletoria** tiletoria.co.za **Woolworths** woolworths.co.za

### HUIS

### KINDERKAMER

Emile is van kleins af dol oor dinosourusse. Die hout-dinosourusse teen sy slaapkamermuur is Rudi se handewerk.





Van die ingang na die huis kyk jy reg deur tot by die onthaaldeel; Annabel het die ou dek vervang en kunsgras langsaan gelê.

# vir 'n nuwe begin

Deur Kim Arendse  
Foto's Henrique Wilding  
Produksie Marian van Wyk

Kussings van Woolworths; gebreide kometers van Ethos; ronde mat van Weylandts; lantern van Mr Price Home

Annabel Davids het haar stylvolle, eklektiese stempel afgedruk op die huis wat nou haar toevlug is.



## WIE WOON HIER?

Annabel Davids en haar  
rottweiler, Luna

**WAAR** Groenpunt,  
Kaapstad

**GROOTTE** 130m<sup>2</sup>



Stoele van Cielo;  
lig ontwerp deur  
Annabel en gemaak  
deur Peter Farmer

## KOMBUIS

As kranige kok was Annabel bly die kombuis was nog in 'n goeie toestand. "Ek het op 'n plaas in Ixopo, KwaZulu-Natal grootgeword en as ek in die kombuis is, onthou ek tye saam met my ouma uit my kinderjare; dit is dus my gunstelingplek, of ek nou brood bak, kerrie maak of 'n stewige maal saam met familie geniet," sê Annabel. Die bestaande wit muurteëls en die lieflike houteland met sy vlekvrystaalblad was 'n bonus. "En die oop houtrakke red my lewe! Dit gee funksie en diepte aan die ruimte." Kaste is in die eiland ingebou vir ekstra bêreplek. >>



My dekorstyl is eklekties en boheems. Ek het 'n waardering vir *unieke en mooi goed* en teksture uit alle kulture. – Annabel

In die oopplan-leefarea wou Annabel knus hoekies skep om in te ontspan. “'n Kaggel (*oorkant*) was bo-aan my winkellysie. Die reuk herinner my aan my kinderjare op die plaas. Tydens kragonderbrekings het ek selfs al kos daarop gaargemaak!”

*Oorkant*: Kaggel van Fireplace and Chimney Co.; spieël van Ruby's Cottage; Turkse lamp van Etsy; ronde mat van Weylandts; gebreide kometers van Ethos; die Boeddha-kunswerk kom uit Bali en die stoele is tweedehands gekoop

Plakpapier van Cape Space Interiors; kussings van Mr Price Home; deken van @home; kerse van Okra Candle





**N**á 'n onstuimige paar jaar wat op 'n hartverskeurende egskeiding uitgeloop het, het Annabel Davids van Kaapstad meer as net 'n nuwe begin nodig gehad. “Ek was op soek na 'n veilige hawe – 'n kalm, koesterende en gelukkige ruimte. Een wat my, Annabel – die mens van wie ek vergeet het, sou weerspieël...”

Annabel, wat die aroma- en holistiese leefstylwinkel Oco Life in 2018 oopgemaak het, was toe al geruime tyd op soek na 'n nuwe tuiste. Sy het hierdie eiendom, in die polsende voorstad Groenpunt in Kaapstad, al sedert November 2021 in haar visier gehad. In daardie stadium was die egskeidingsaak nog hangende en die huis wat sy met haar man gedeel het, steeds in die mark.

“Ek onthou hoe ek gebid het dat ons huis nie te gou verkoop word nie, want ek het kliphard gespaar vir 'n deposito op 'n plek van my eie,” sê sy.

Ná die egskeiding het Annabel na 'n klein woonstel getrek. In dié tyd het sy die rottweiler Luna aangeneem, en om te verhoed dat sy en Luna kajuitkoekies raak, het hulle daaglikse wandelings onderneem en gereeld in die berg gaan stap.

“Ek het volstoom gewerk om genoeg geld te maak vir alles – van oordragkoste tot prokureursfooie. Ek moes 'n huis kry wat my eie sou wees.”

Die tyd was in Annabel se guns, en toe sy uiteindelik genoeg geld bymekaargemaak het om ernstig te begin uitkyk vir 'n eie huis, het sy geweet hierdie Groenpuntse juweel het nie verniet haar hart gesteel nie. “Ek was oortuig al wat dié huis gekort het om weer te skitter, was 'n bietjie liefde en aandag.”


Teen daardie tyd was die plek reeds 'n jaar lank in die mark. “Die hoë plafonne wat aandag gekort het, 'n dak wat lek, loodglasvensters met stukkende knippe, en 'n afgeleefde voordeur het alles teen die eiendom getel. Die struktuur was nogtans stewig. Ek kon 'n statige ou dame sien wat gesmeek het om 'n verjongingskuur – iets wat elke vrou soms nodig het, dan nie?” >>



## LEEFVERTREK

**Annabel wou hê haar huis moet haar persoonlikheid en smaak weerspieël.**

“Dit maak nie saak of mense daarvan hou of nie! Wat vir my belangrik is, is dat ek 'n huis het met dinge wat vir my kosbaar is. Dis 'n plek waar ek nuwe herinneringe kan skep.” Sy sê sy het 'n sterk tassin en hou van tekstuurryke dekor, vandaar die grinterige plakpapier met sy kersiebloeiselontwerp. “Die goue detail in die papier is iets besonders wanneer die laatmiddagson daarop val,” voeg sy by. Al die houtvloere in die huis is geskuur en nuut verseël.



“Die sitkamer het geen persoonlikheid gehad nie. Ek het foto's van die advertensie op property24.com afgelaai en besef dié ruimte kort plakpapier om dit op te kikker,” sê Annabel. Die skuifdeure na die binnehof is vernuwe en wit gevef.








## BADKAMER

Annabel het 'n bad in die stortruimte ingebou, maar die storkop behou – nou kan sy al twee geniet! “In dié 13 m<sup>2</sup>-ruimte was dit nie maklik nie. Maar ek lê en week so graag in die bad ná 'n lang dag, dit was 'n moet!” Sy het die ou teëls en wasbakkas behou.

Bouwerk en badinstallasie deur Shafiek Stoffels; handdoek van Mungo


Buitekuisplek



Voortuin

## Verfkleur

Deco Paints Cracker



## SLAAPKAMER

Kaste van die vloer tot die plafon in die hoofslaapkamer is uitgehaal om meer ruimte te skep. “Nou voel die kamer dubbel so groot,” sê Annabel. “Ek hou nie van losgoed nie en wou hê dit moet soos 'n ruim, rustige toevlug voel waar ek kan opkruip met 'n boek, in my joernaal skryf en met Luna kan speel.” Die stoel was 'n vintage-vonds; die beeldjie voor die spieël het sy tydens 'n reis in Rome gekoop. >>

Antieke spieël en rak van Ruby's Cottage; gerubyn van Billy Moon; plakpapier van Cape Space Interiors; kunspelsdeken van @home; mat en strooikussings van Mr Price Home







## The Simple Solution.

**Vertrou vir Alcolin om jou die maklike oplossing te bied met al jou DIY en opknappings behoeftes in en om die huis!**



**Volg ons op:**    
**[www.alcolin.com](http://www.alcolin.com)**







'n Lank  
verwaarloosde  
sterjasmyn  
gedy nou voor  
die 95 jaar oue  
huis, een van  
die vroegste  
wonings wat  
in Groenpunt  
gebou is.



## [KENNERSRAAD]

### As jy'n smeulkaggel oorweeg...



**Hilly Nachman van The Fireplace Studio gee raad oor die installering van 'n kaggel:**

- As dit kom by 'n nuwe installasie, is 'n losstaande gietysterkaggel, soos die een wat Annabel gekies het, 'n goeie opsie. "Dis maklik om te posisioneer en werk doeltreffender as 'n oop kaggel. Jy sal minder hout gebruik en jou hitte-uitset is maklik 70-80%, teenoor dié van 'n oop kaggel, wat maar sowat 10-20% kan wees," verduidelik hy. So 'n kaggel

versprei hitte na alle kante en geen hitte gaan verlore in omliggende baksteenwerk nie; boonop straal die onblote skoorsteen ook hitte uit.

- Die grootte van die kaggel hang af van die grootte van die vertrek wat jy wil verwarm; 'n mens kan werk op 1 kW per 10 m<sup>2</sup> of 30 m<sup>3</sup>.

- Dis raadsaam om 'n redelik skoon, oop posisie vir jou kaggel te kies. 'n Baie besige of deurmekaar ruimte is nie prakties nie, en vlambare elemente soos gordyne en meubels moet 'n veilige afstand weg wees.

- Die kaggel moenie op vlambare materiaal, byvoorbeeld 'n houtvloer – soos in Annabel se huis – staan nie. 'n Vloerplaat is 'n wetlike vereiste; oorweeg glas, teëls, graniet of staal.

**KONTAK** fireplacestudio.co.za 📍

**VERSKAFFERS & KONTAKTE** @home home.co.za **Billy Moon** 011 788 9950 **Cape Space Interiors** capespaceinteriors.co.za **Cielo** cielo.co.za **Deco Paints** decopaints.co.za **Ethos** ethos-store.co.za **Etsy** etsy.com **Fireplace and Chimney Co.** fireplaceandchimney.co.za **Makro** makro.co.za **Mr Price Home** mrphome.com **Mungo** mungo.co.za **Okra Candle** okracandle.co.za **Peter Farmer** 071 360 6648 **Ruby's Cottage** facebook.com/RubysCottage44Main **Shafiek Stoffels** 083 698 4050 **Weylandts** weylandts.co.za **Woolworths** woolworths.co.za

## BUITESTORT

Die buitestort, wat reeds in die agtertuin was, is vernuwe met 'n rak en katedraalspieël.

Handdoek van Mungo

## TOTAAL: R106 000

|                                         |        |
|-----------------------------------------|--------|
| Kontrakteur en<br>herstelwerk           | 28 000 |
| Ligte                                   | 10 000 |
| Kaggel                                  | 19 000 |
| Verf                                    | 6 000  |
| Plakpapier                              | 7 000  |
| Dekor                                   | 24 000 |
| Kombuiskaste<br>en installasie          | 8 000  |
| Bad, asook badkamer-<br>en kombuiskrane | 4 000  |



## ONTHAALDEEL

Die voorheen donker en onaansienlike binnehof is meestal as stoorplek gebruik. “Hierdie deel kry heerlike oggend- én namiddagson, wat ideaal is vir luilekker agteroorsit en lees terwyl voëls by die leefvertrek in en uit vlieg – dié se skuifdeure (*sien bl. 26*) staan heeldag wawyd oop, behalwe in die winter,” sê Annabel.

Buitemeubels  
van Makro





# Op'n hoër vlak

Raak jou huis te klein vir jou gesin?  
Bou boontoe.

*Deur* Beatrice Moore-Nöthnagel • *Foto's* Greg Cox • *Produksie* Marian van Wyk

**WIE WOON HIER?** Natalie en Nick Osborne en hul kinders, Ariella (9) en Jake (5)

**WAAR** Noordhoek, Kaapstad

**GROOTTE** 278m<sup>2</sup>



*Voor*



**N**adat Natalie en Nick Osborne 'n aantal jaar in Londen gewoon en in 2013 na Suid-Afrika teruggekeer het, was hulle baie bly om hulle in die rustige kusbuurt Noordhoek naby Kaapstad te vestig. Dis waar al twee grootgeword het en hulle families steeds woon.

“Ons het 'n klein drieslaapkamerhuis op 'n knap begroting gebou met die oog daarop om so vyf jaar later, namate ons gesin groter word, te verkoop,” verduidelik Natalie, 'n grafiese ontwerper.

“Toe ons tweede kind gebore is, moes ons die derde slaapkamer, wat ek as kantoor gebruik het, in 'n babakamer omskep – en moes my lessenaar na my slaapkamer skuif.”

Twee jaar lank het Natalie so uit haar slaapkamer gewerk voor sy en Nick besluit het dinge raak darem nou te beknap. Hulle moes besluit wat die beste sou wees: Verkoop en trek, of opknep?

“Ons het gehou van ons huis en die landgoed rondom die meer, en het reeds soveel hier belê – veral nadat Nick die dek rondom die swembad gebou en heelwat landskapwerk hier gedoen het. Op die ou end het ons besluit om eerder op te knep,” sê sy.

In Oktober 2019 het die Osbornes begin om hul “huis vir eers” te verander in hul “huis vir altyd” deur 'n kantoorruimte op 'n tweede vlak te bou en die leefgedeeltes onder te vergroot. So het hul 196 m<sup>2</sup>-blyplek gegroei tot 'n skaflike 278 m<sup>2</sup>. >>

#### NUWE VERDIEPING

In pas met die landgoed se bouregulasies, wat bepaal dat 'n sekere persentasie van die buitekant beklee moet wees, is die nuwe bousel bedek met 150 mm-Nutec Handiplanks wat aan 12 mm-gerigteveselbord (“OSB”) geheg is.





## INGANG

Die oorspronklike ingang van buite was 'n groot vermorste ruimte waar die voordeur direk in die eetkamer oopgemaak het. Die ingang is aansienlik vergroot om plek te maak vir die nuwe trap na die tweede vloer daarbo (oorkant), asook 'n behoorlike ingangsportaal en "mudroom" (onder). Vensters van die vloer tot die plafon laat dit voel asof die nuwe koidam deel van die binneruimte is, terwyl groot plaveiblokke 'n "bruggie" na die voordeur vorm.



## INGANGSPORTAAL

Danksy die ruim nuwe ingang het Natalie nou genoeg plek waar almal hul skoene, baadjies en sakke netjies kan bêre.

### Verfkleur

Plascon  
Ocean Melody

### Verfkleur

Dulux Grey Steel







Plaveiblokke  
van Revelstone




#### TRAP

Die trap met sy staalraam en houttreetjies het 'n organiese voorkoms; dit laat ook oorgenoeg natuurlike lig by die ruimte instroom.

Trap deur Stuart Steel Works

Ariella en Snowy die  
poolhondkruising



Voor

Ek kom sit graag hier op die bank in die portaal en lees 'n boek in die heerlike namiddagson. – Natalie









Voor



## LEEFVERTREK

Die stoep, wat nooit behoorlik benut is nie, is by die nuwe oopplandeel ingesluit; dit het die gesin se leefruimte aansienlik vergroot. Danksy groot stapeldeure wat op die dek rondom die swembad oopmaak, het hulle nou gemaklike, naatlose toegang tot die tuin. Voorheen moes die meubels in die sitkamer byna teen die skuifdeure staan, wat die vloei belemmer het. Deesdae voel die huis helder en lig, en het dit 'n meer kontemporêre voorkoms. "Ek hou van die lig wat heeldag inskyn en die wonderlike berguitsigte," sê Natalie. "Ons het nou 'n 180°-uitsig uit ons huis, en omdat ons die grootste glas-tot-muurverhouding moontlik gebruik het, voel dit in die leefvertrek asof ons buite is." >>

Deure en vensters van Aldiy





## KANTOOR

'n Eikehoutbalk ondersteun die nuwe verdieping bo die kombuis en rond dit terselfdertyd lieflik af, terwyl 'n glas-balustrade die voorkoms van 'n tussenvloer skep. "Die glas laat soveel meer lig in en laat die boonste vlak met die res van die huis skakel," gesels Nick. "Ek wou nog altyd 'n 'biblioteek' en speelplek vir die kinders skep; nou is die ruimte agter die kantoor perfek daarvoor. Danksy 'n slaapbank kan die kinders en hul maatjies nou ook hier bo oorslaap!"

Eikehoutbalk van Hout Bay Timber Company; ronde mat van Mr Price Home



## Kyk boontoe

“Die gedagte was hoofsaaklik om kantoorspasie bo die motorhuis te skep; sodoende kon ons ’n groot plafonruimte bo ons kombuis benut,” verduidelik Nick. “Ons huis het reeds hoë plafonne, maar in hierdie spesifieke deel is dit gelik om die nodige hoogte vir die kantoor bo die motorhuis te skep.”

Ofskoon die motorhuis ’n betondak gehad het, was die Osbornes se struktuuringenieur nie seker dat dit die gewig van die kantoor daarbo sou dra nie. Hy het hulle gevolglik aangeraai om die nuwe struktuur met ’n houtraam te bou. >>



*Oorspronklike eetdeel*



### EETKAMER

Die eetkamer is uit die ou sitgedeelte geskuif om laasgenoemde ruimer en oper te laat voel. “Ek hou van die verskillende vlakke wanneer ek opkyk – van die lae sementplafon in die ou eetkamer wat na die lae ontblote balke in die nuwe sitkamer lei, en die hoë plafon met sy oop balke in die nuwe eetkamer,” sê Natalie.



*Boonste verdieping verrys*








In die kantoor is 'n tong-en-groefplafon van dennehout direk onder die balke geïnstalleer en met Harlequin's Vintage Woodwash Lime White afgewit om by die ander plafonne in die huis te pas.

Bouwerk deur Devon Hansen Projects; struktuuringenieurswerk deur ADA Consulting Engineers; glaspaneel deur Shower Doors SA



Natalie is versot op haar nuwe kantoor. "Ek funksioneer op my beste in 'n skoon, oop ruimte met baie lig," sê sy. "Groot vensters en deure laat my voel asof ek buite is, al is ek hard aan die werk binne."

**VERSKAFFERS & KONTAKTE** ADA Consulting Engineers [adacons.co.za](http://adacons.co.za) Aldiy [aldiy.co.za](http://aldiy.co.za) Devon Hansen Projects 084 605 8296  
Harlequin Paint [harlequinpaint.com](http://harlequinpaint.com) Hout Bay Timber Company [houtbaytimber.co.za](http://houtbaytimber.co.za) Mr Price Home [mrphome.com](http://mrphome.com) Revelstone [revelstone.co.za](http://revelstone.co.za)  
Shower Doors SA [showerdoorssa.co.za](http://showerdoorssa.co.za) Stuart Steel Works [stuartsteelworks.co.za](http://stuartsteelworks.co.za)





[KENNERSRAAD]

## V&A met die argitek

Stephen Lew, binneontwerper en argitek, beantwoord 'n paar vrae:



**V: Watter faktore moet jy in ag neem wanneer jy nog 'n verdieping by jou huis wil aanbou?**

**A:** Identifiseer die funksie van die nuwe ruimte en oorweeg hoe dit met die bestaande ruimtes moet skakel – laat dit jou lei in jou ontwerp-opdrag. Buiten dat 'n trap toegang tot jou nuwe ruimte verleen, kan dit ook 'n mooi glanspunt wees; maar dit verg deeglike beplanning om die vlakke met mekaar te laat skakel sonder om te veel vloerruimte aan dié element af te staan.

Hoe hoër jy bou, hoe belangriker raak lig. Hoër strukture skep langer skaduwees, daarom is dit wys om die mure waarop die nuwe struktuur se dakrande rus, so laag moontlik te hou en munt te slaan uit die dakruimte tussenin. 'n Ekstra verdieping kan jou nuwe en onbelemmerde uitsigte bied; benut dit ten beste, maar neem jou én jou bure se privaatheid in ag.

Gee iets terug aan jou gemeenskap deur die nuwe, verhoogde aansigte so te ontwerp dat jou straat daarby baat en dit nie inbreuk maak op die landskap nie.

**V: Wat beïnvloed die koste?**

**A:** Oorweeg al die uitdagings van nog 'n verdieping aanbou voordat jy jou ontwerp finaliseer. Toegang tot die punt waar jy wil aanbou, kan moeilik en ongerieflik wees, en die ekstra koste van steiers en veiligheidsmaatreëls kan enige besparings deur boontoe te bou, uitwis. 'n Ingewikkelde ontwerp kan vereis dat jy kontrakteurs met spesialiskennis en -vaardighede gebruik, wat meer gaan kos. Algemeen beskikbare materiale kos minder en kan gouer by die bouverseel afgelewer word.

**V: Watter maatreëls en goedkeurings word vereis?**

**A:** Stel eerstens 'n argitek aan wat by SACAP (die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argiteksberoep) geregistreer is; hy of sy sal uitvind watter vereistes jou plaaslike owerhede, raad en verenigings stel. Terwyl jou argitek jou deur die goedkeuringsproses by die munisipaliteit lei, sal jy ook 'n ingenieur moet raadpleeg.

**V: Watter voordele hou die aanbou van net 'n gedeeltelike boonste vlak in?**

**A:** In hierdie projek was dit voordelig om 'n nuwe verdieping bo-op die motorhuis te bou; die bestaande plat dak het die proses vereenvoudig en dit kon maklik by die nuwe ruimte geïnkorporeer word. Omdat die oorspronklike huis se voetspoor nie vergroot is nie, was 'n nuwe fondasie en betonvloer nie nodig nie. Die landgoed se ontwerpgriglyne moedig spits dakke aan, wat 'n hoë binneruimte verseker en 'n aantreklike, dinamiese aansig het. Laaste, maar nie die minste nie, is die lieflike uitsigte wat die ekstra vlak meegebring het.

**V: Hoe kan die byvoeging van 'n ekstra vlak ekstra ruimte in kleiner wonings of meenthuise skep?**

**A:** Solank daar genoeg kopruimte is, kan jy die spasie onder die dak as leefruimte gebruik. Deur dakligte of -vensters in te sit, kan so 'n ruimte in die dakstruktuur 'n gemaklike woonplek met genoeg lig en ventilasie uitmaak. Dit is dikwels nie moontlik om op grondvlak aan te bou by 'n skakel- of meenthuis nie, daarom bied boontoe bou die beste oplossing vir ekstra akkommodasie.

**KONTAK** [stephenlew.design@gmail.com](mailto:stephenlew.design@gmail.com) 🏠



# Stille waters ...

*Deur Mary Jane Harris  
Foto's Christoph Hoffmann*

Waar eers net sand en onkruid was, is nou 'n welige landskap met 'n dam en 'n slim, stylvolle wegbreekhuis!



**WIE WOON HIER?** Andrew Hannay  
**WAAR** Centurion, Gauteng  
**GROOTTE** Huis 135 m<sup>2</sup>; eiendom 1 ha

Die beste hengeltyd is  
saans. Aangesien die  
dam 'n gebalanseerde  
ekostelsel is met visse, is  
hier geen muskiete nie.



## LEEFAREA

Die L-vormige bank en kanttafels is Andrew se handwerk. “Wat’s nou lekker aan meubels koop as jy dit self kan maak?” wil hy weet.



A

lles het begin by ’n passie vir hengel wat Andrew Hannay, eienaar van onder meer ’n laserkliniek, by sy pa geërf het.

“Daar’s vir my niks so lekker soos om op die rand van ’n uitgestrekte watermassa te staan met ’n visstok in die hand nie,” vertel hy. “Toe ek die eiendom gekoop het, was my plan om ’n dam te bou waar ek kon hengel net wanneer ek wil.”

Destyds was daar net bosse en knapsekêrels op die 1-hektaar-eiendom; ook ’n vlak poel so groot soos ’n swembad, wat in die winter opgedroog het. Andrew het die ou huis op die eiendom opgeknop sodat hy dit kon verhuur om sy onkoste te delg. Maar voor hy kon begin dam bou, moes hy eers ’n boorgat sink.

“Daarsonder sou ek nooit die dam kon volmaak nie. Dit het ’n oppervlakte van sowat 3350m<sup>2</sup> en hou 5,2 miljoen liter,” verduidelik hy. Gelukkig lewer die boorgat oorgenoeg water van besonder suiwer gehalte. Pype lei dié water nou ook na die huis wat Andrew later op die damwal gebou het.

Vandag lyk dit asof die spieëlgladde dam en welige plantegroei nog altyd hier was. “Maar alles wat jy nou sien, het ek gemaak, ingebring, geplant of herbenut,” verduidelik Andrew. Heel eerste het hy ’n masjiengraaf gehuur om die dam te grawe.

“Ek was elke dag hier om vir die operateur te sê waar om te grawe en te skep, waar om dieper te maak vir sekere visse (dis plek-plek meer as 4,5 m diep), en waar dit vlakker moes wees om geskikte broeiplek te bied.” Gelukkig het die grond ’n baie hoë klei-inhoud, wat keer dat die dam lek. >>

**Andrew het die trap van staal en hout ontwerp en gebou. Die vensters en deure is gemaak deur sy maatskappy Aluminions.**

Strooikussings van New to You; ligtoebehore van Lighting & Electronics; mandjie (regs) van Mr Price Home







### KOMBUIS

Andrew het ook die kombuiskaste, -eiland en -stoeltjies gemaak. Die granietblaaie kom van 'n vriend wat opknappwerk by sý huis laat doen het.

Hangligte van Lighting & Electronics; kroegstoele by die venster van Mr Price Home

By die voordeur het Andrew 'n sweefrak opgesit vir sleutels; onderaan is penne vir skoene en teen die muur hake vir hoede en baadjies.



Die houtkaggel se skoorsteen lei deur die gastekamer daaragter en dan boontoe deur die hoofslaapkamer. "Op dié manier verhit dit al drie vertrekke," verduidelik Andrew.





# Die natuur herskep

Al die grond wat vir die dam uitgegrawe is, is gebruik om terrasse te bou wat vloedwater weg van die eiendom na die natuurlike vloedvlakke herlei. Andrew het selfs ’n yslike seswielaangedrewe geartikuleerde mynvragsmotor vir die taak gehuur, aangesien geen ander voertuig genoeg trekkrag sou hê om uit die moddergat te ry nie. “Ons het sowat 5000m³ grond verskuif. ’n Deel daarvan is gebruik om ’n platform te skep waarop ek later ’n blyplek kon bou – wat my die uitgawe gespaar het om die grond te laat wegry.”

Andrew het besluit om ’n palmboom te behou, nie net omdat dit mooi was nie maar ook vir privaatheid van die bure. Toe het hy ’n klein skuur gebou vir die pompe wat die water belug sodat dit helder en die vis gesond bly.

Met die dam klaar, het Andrew plante, klip, rotse en hier en daar ’n boom begin byvoeg om die terrein natuurlik te laat lyk. “Ek het selfs ’n moerbeiboom op die mensgemaakte eiland geplant sodat die vis in die somer die vrugte wat afval, kan vreet.” In dieper dele het hy kunsplante geplaas. “Baars kruip graag in die groenigheid weg, en ’n mens verloor jou kunsas nie so maklik in ’n plastiekplant soos in ’n natuurlike plant nie.”

Andrew is ’n groot voorstander van ruilhandel en hou sy oë oop vir ander se weggooigoed wat hy kan benut. Toe hy byvoorbeeld eendag iemand sien klip stort, het hy die persoon betaal om dit eerder op sy eiendom af te laai. “Ek het ook ’n vagraste bakstene by ’n vriend gekry en kon my inrit daarmee bou,” vertel hy.



## HOOFSLAAPKAMER

**Die balkon uit die hoofslaapkamer is ’n gunstelingplek vir koffie vroegoggend. Andrew het ’n glasbalustrade gekies en die bed hoër gebou ter wille van die beste uitsig oor die dam. Hy het ook die bedkassie gemaak.**


Strooikussings van New to You;  
gebreide dekens van  
Mr Price Home







In die hoofslaapkamer het Andrew die skoorsteen van die houtkaggel, wat in die leefvertrek onder staan, omhul met koper uit vragmotorverkoelers. Dit vergroot die skoorsteen se oppervlakte, wat meer hitte tot gevolg het.



#### BADKAMER

Die badkamer het 'n uitsig op die tuin. Dieselfde vloerteëls is reg deur die huis gebruik.

Teëls van Tile Africa; bad van Dadoquartz; hammam-handdoek en mandjie van Mr Price Home

## Nuwe benadering

“Hoewel ek in my huis in Irene gebly het, was ek so te sê elke dag op dié eiendom omdat dit vir my so lekker hier was,” onthou Andrew. Hy het in daardie stadium beoog om 'n eenvoudige houthut te bou vir hengelaweke, maar kon niemand kry wat die werk volgens sy standarde sou doen nie. Toe besluit hy om self in te spring. Hy het aansoek gedoen om 'n NHBRC-sertifikaat, en goedkeuring by die munisipaliteit gekry.

“'n Vriend by Ikhaya Futurehouse het my vertel van hul boupanele van polistireen. Dit kom teen 'n billike prys en boutyd daarmee is heelwat korter.” (*Sien Kennersraad op bl. 53.*)

Andrew het toe met 'n ander vriend, Drikus van Zyl, gaan sit en saam het hulle die huis op CAD beplan. “Dit was oorspronklik as naweekwegbreekplek bedoel, maar ek het besef ek sou in die toekoms meer tyd hier wou deurbring. Die grootte van die huis is natuurlik beperk deur die grootte van die platform wat ons gemaak het met die grond wat uit die dam gekom het – en my begroting!”

Hulle het besluit op 'n kombuis, leefvertrek, stoep, gastekamer, badkamer, was- en opwaskamer onder; op die boonste vlak sou die hoofslaapkamer, 'n studeer-/gastekamer en badkamer wees, asook 'n balkon oor die stoep met 'n mooi uitsig op die dam.

So gou as wat hy die mate gehad het, het Andrew die materiaal en – belangriker nog – 'n handleiding vir die bouproses, bestel.

“Dit het my vier maande geneem om hierdie huis te bou, maar ek het toe nog geleer. As ek dit weer moet doen, sal dit waarskynlik binne twee maande klaar wees. Die professionele ouens bou 'n enkelverdieping in net twee weke. Nie een van ons wat aan die huis gewerk het, het al naasteby so iets gedoen nie.”

Dit het die elektrisiën net een dag gekos om die kragpunte en elektriese geleidings te installeer, aangesien hy dit nie in die mure hoef in te gesny het nie. “Ons het die openinge eenvoudig met 'n blaasvlam gemaak en later bo-oor gepleister, wat eintlik die mure versterk het. Hier is nie een baksteen of latei in hierdie huis nie.”

Dis taamlik maklik om 'n huis soos hierdie te bou. “As die mure eers staan, sny jy net die vensters en deure met 'n hoekslyper uit,” verduidelik Andrew, wat hoofsaaklik glas-stapeldeure en vensters van sy eie maatskappy ingesit het om die uitsigte te geniet.

Al rommel wat ná die bouproses oorgebly het, was stukke polistireen. “Dit was maar min, en dié wat in die dam beland het, het die wind na een punt gewaai, so dit was vir ons maklik om dit daar uit te skep.” >>



Andrew kweek 'n groot verskeidenheid kruie en groente in die kweekhuis wat hy opgerig het. 'n App op sy foon beheer die besproeiing en voeding.



## Selfdoener van formaat

As iemand wat nie daarvan hou om ledig te raak nie, het Andrew sedertdien 'n kweekhuis vir groente gebou, mét 'n teeltenk vir kurpers wat die hidroponiese stelsel voed; hy het ook 100 vrugtebome geplant en 'n motorhuis van klip gebou wat later as 'n kothuis ingerig kan word. "Dit kort net drie binnemure, dan is daar 'n woonvertrek, slaapkamer, badkamer en kombuis – heeltemal geskik vir verhuring indien nodig."

Al die pompe vir die dam en swembad, ook al die ligte en lugreëlaars in die huis en motorhuis, werk met sonkrag. Die besproeiingstelsel in die kweekhuis (wat ook die hidroponiese stelsel sirkuleer) en die toegangshek word deur 'n aparte wisselrigter aangedryf. Andrew kan al die elektriese skakelaars en ligte met sy foon beheer via 'n stelsel van Rfiber Solutions, wat hy self geïnstalleer het.

Dié knaphand glo allermens daarin om geld te bestee aan enigiets wat hy net so goed met sy eie twee hande kan maak. Daarom is al die meubels, van banke tot beddens, sy handewerk. "Die TV-kas was 'n oue wat iemand weggegooi het. Ek het nuwe pote aangesit, die rakke uitgehaal, dit gevef – en siedaar! En hoekom sou ek geld op 'n kopstuk spandeer as ek een uit 'n ou enkelbed se kopstuk en basis kan maak?"

Is daar êrens 'n volledig toegeruste werkwinkel waar al hierdie gewerskaf plaasvind? wonder ons. Andrew lag net: "Ek het alles net hier in die huis gemaak. Ek moes 'n tuinblaser gebruik om van die stof ontslae te raak en daarna die mure met 'n tuinslang skoonspuit." >>



In die somer swem Andrew in die swembad; in die winter word dit gebruik om vissies groot te maak.



Die braaiplek (*links*) is gebou met klip uit Irene; die muur strek tot in die kombuis sodat die twee ruimtes mooi aaneenskakel. "Die stapeldeure werk fantasties op rugbydae wanneer vriende by die kroegtoonbank buite of binne op die bank kan sit en die wedstryd op TV volg."





# A-SHAK

Est. 1958

0861 1ASHAK

0861 127 425

E: sales@ashak.co.za

www.ashak.co.za

## Voorbereiding vir die reën!

# SELFDOEN-WATERDIGTING!

### WATERLOC

spesifiek ontwerp as 'n waterdigtingsbehandeling in kelderruimtes, storte, poele en damme, leiding-, tunnel- en kanaalvoerings asook lap- en herstelwerk aan betonvlakke en dampwerende lae.

Dele wat behandel moet word, moet vry van los partikels wees. Klam werkarea aan voordat 'n grondlaag aangewend word. Lees en volg die instruksies op die emmer noukeurig!



## VIR PROFESSIONELE RESULTATE

**SELFDOEN  
VERGEMAKLIK**

### AQUALOC

waterdigting met 'n kwas aangewend!



### SCREWGEO

maak lekkende dakskroewe en gate toe. Seël dakplate en oorvleuelings.


### DAMPLOC

vir doeltreffende behandeling vir vog in mure!



### ROOFFIX

maak gebreekte dakteëls reg.



### DRIKON

die maklike, vinnige & bekostigbare manier om dam- en ander lekke te stop!



### SPRAYSEAL

'n siloksaanbasis-verseëlaar vir beton- en sementoppervlakke.





# Só het hulle gemaak...



Kan jy glo die welige eiendom wat Andrew geskep het, was eers dié kaal stuk grond?




Twee voorlaaigrawe en 'n stortwa is ingespan om die grond skoon te maak.



Die dam is met 'n masjiengraaf gegrawe sodat elke deel die korrekte diepte het.



Danksy 'n sterk boorgat en somerreën was die dam binne drie maande vol.



Die grond is gelyk gemaak, grassooie gelê en 'n besproeiingstelsel ingesit.



'n Betonblad was nodig as fondasie vir die huis.



Met die fondasie gereed kon die boupanele en -blaaie in een vrag op 'n enkelas-vragmotor afgelewer word.



Die panele kom omhul in trekvaste gegalvaniseerde staalmaas; hier word dit staangemaak en aan mekaar geheg.



Nadat al die panele in posisie staangemaak is, is dit met 'n 35 mm-laag struktuurpleister bedek.



Vir die boonste verdieping se vloer is polistireenpanele horisontaal gelê en van onder gestut; versterkstaal is toe daaraan vasgebond voordat beton bo-oor gegiet is.



'n Staalbalk is in die gepleisterde mure geanker om die balkon op die boonste vlak te ondersteun.



Dakbalke is opgesit en die dak bedek met Chromadek-riffelstaalplate.





Danksy die glas-stapeldeure begin die huis nou vorm kry.





Isolering en IsoBoard-plafonne word geïnstalleer.




Die braaiplek met sy klipmuur en boma word gebou en die huis word binne en buite geverf.



Vloerteëls is gelê en die trap ingesit. Net soos by 'n baksteen-huis kan polistireenmure geteël word, soos Andrew in die badkamers gedoen het.



Grondverdieping



Boonste vlak

[KENNERSRAAD]

## Bouwerk met polistireenpanele



**Jacque Sherman van Ikhaya Futurehouse Systems, 'n lid van die Groenbouvereniging, verduidelik watter voordele dit inhou om met uitgedyde polistireen ("EPS") te bou:**

- Die materiaal word in Suid-Afrika vervaardig en omdat dit so min weeg (sowat 5 kg/m<sup>2</sup>, ongepleister), is dit maklik en bekostigbaar om dit landwyd te vervoer.
- Die panele word omhul in 'n 650 MPa- trekvaste gegalvaniseerde staalmaas wat, nadat dit met standaard-14 MPa-pleister bedek is, 'n skuiflading van 13 ton per lineêre meter skep. Dis vlamtraag, sterk genoeg om verskeie verdiepings te ondersteun en beskik oor uitstekende isolasie- en akoestiese eienskappe.
- Die panele is baie meer kostedoeltreffend as konvensionele boumateriaal en kan spesiaal volgens die kliënt se planne vervaardig word. So kan ons byvoorbeeld die panele vir die vereiste muurhoogte maak sodat jy binne 'n kwessie van dae die dak kan opsit – wat jou tyd en arbeidskoste spaar.
- Konstruksie geskied baie vinniger as met gewone boumetodes.
- Wanneer die mure staan, word dit bedek met 'n laag struktuurpleister, 35 mm dik, waarna dit op verskeie maniere afgewerk kan word – van teëls tot verskillende pleisterafwerkings. Prente, spieëls, balustrades, TV's, verdeelborde en geisers kan alles daarteen gehang word met konvensionele uitsitskroewe.
- Daar is baie min bourommel wat weggedoen moet word.

**KONTAK** futurehouse.co.za 🏠

### TOTAAL: R897 000

|                                            |         |
|--------------------------------------------|---------|
| Polistireenpanele                          | 80 000  |
| Beton vir vloer en mure                    | 55 000  |
| Verf                                       | 38 000  |
| Teëls                                      | 45 000  |
| Loodgieters- en elektriese werk            | 43 000  |
| Kombuis en kaste                           | 70 000  |
| Dak (balke ingesluit)                      | 72 000  |
| Geteëldde swembad                          | 110 000 |
| Klipwerk                                   | 17 000  |
| Ingenieurswerk, ens.                       | 35 000  |
| Meubels en toestelle                       | 92 000  |
| Bou van die dam (klip en plante ingesluit) | 180 000 |
| Tydlike arbeiders                          | 60 000  |

**KONTAKTE & VERSKAFFERS** Aluminions aluminions.co.za Dadoquartz dadoquartzbathware.com  
 Lighting & Electronics 074 314 9175 Mr Price Home mrphome.com New to You newtoyou.co.za  
 Rfiber Solutions rfibersolutions.com Tile Africa tileafrica.co.za



**WIE WOON HIER?** Martin Harris en Hannes Swartz met hul honde Bettie en Cyler  
**WAAR** Paul Roux, Oos-Vrystaat  
**GROOTTE** 360m<sup>2</sup>

# Tuis op die platteland

Deur Mary Jane Harris  
Foto's Christoph Hoffmann

Min mense sien kans om 'n 110 jaar oue huis op 'n Vrystaatse dorp op te knap – maar dié ouens het, met stylvolle resultate.



## GASTEKAMER

Die gastekamer dien ook as studeerkamer en leesruimte. Die eienaars het die oorspronklike prentlys behou en die effek van panele geskep met houtstroke. "Ons het die Chesterfield-bank by 'n vriend gekoop en met 'n materiaal van Mavromac laat oortrek; die twee stoele was 'n geskenk van my ma," vertel Martin. 'n Wêreldkaart uit 'n tweedehandswinkel dra by tot die ouwêreldse sjarme. >>







**D**it was heel per ongeluk dat die binneontwerper Martin Harris en sy man en sakevennoot Hannes Swartz hulle in die ouwêreldse Paul Roux in die Vrystaat kom vestig het.

Ná 'n naweek op Clarens het Hannes voorgestel hulle hou op pad terug Johannesburg toe in Paul Roux stil vir middagete. “Daar was 'n lieflike restaurant en so 'n kalm atmosfeer; uiteindelik het ons oorgeslaap,” onthou Martin. Hoewel hy in Bethlehem grootgeword het en Hannes op Ermelo, het hulle ná jare in Kaapstad en Johannesburg soos regte stadsjapies gevoel. Maar hulle sou nie omgee om teen 'n stadiger pas te leef nie ...

Lang storie kort: Die paartjie het 'n tipiese ou sandsteen huis aan die buitewyke van die dorp gekoop as wegbreekplek. “Ons het dit gemeubileer, die meeste naweke hier deurgebring en selfs 'n klein restaurant oopgemaak,” sê Martin.

Toe tref Covid; die restaurant moes toemaak en die paartjie het besluit om permanent Paul Roux toe te trek. “Met dié dat sakepersele in die stad al hoe duurder raak, was dit sinvol om ons meubel- en stoffeerbesigheid hierheen te skuif. Nou bly ons in die middel van die land; van hier af is dit ewe maklik om Ballito as Bloemfontein toe te ry,” sê Hannes. >>

#### VOORSTOEP

Dié ruimte is hoofsaaklik toegerus met tweedehandse kopies en geskenke van vriende. “Die twee groot rottangstoele kom van 'n vriend wat daarvan ontslae wou raak. Gelukkig het ons 'n rol helderpienk materiaal gehad om die sitplekke mee oor te trek; toe kry ek tropies bedrukte lap met pienk daarin vir die strooikussings. Die swart-en-wit kussings – ook dié op die kafeestoeltjies – trek alles mooi bymekaar,” sê Martin.



### MODERNE PLAASKOMBUIIS

Aan die agterkant van die huis is die kombuis, waar al die aksie gebeur. "Gelukkig het ons pas 'n kliënt se huis opgeknop en hulle het gesê ons kon hul ou donkerhout-kombuiskaste en die granietblaaie kry. Ons het die kaste rondgeskuif totdat ons die regte uitleg gehad het, en die hout toe 'n sagte saliekleur geverf. Ons kon selfs die handvatsels gebruik," vertel Martin. 'n Ander kliënt het die ligtoebehore uitgegooi en die kroegyskaste kom uit hul restaurant. "Ek wou nog die vloere afskuur en verseël, maar ons het ingetrek voor ons daarby uitgekóm het. Nou is ons gewoon aan die aardse voorkoms," sê Hannes. Kombuiskaste geïnstalleer deur Gys Meyer; kunswerk deur Abe Opperman

#### Verfkleur

Dulux  
Morning Blend



## Maak die skuif

Martin en Hannes het gou besef hul naweekplek sou te klein wees vir permanente verblyf. Toe vind hulle per riemtelegram uit van 'n ou huis op die dorp wat te koop was. “Die eienaar het Kaap toe getrek en die eiendom verhuur. Intussen het dit erg verwaarloos,” vertel Martin. “Dit was in 'n verskriklike toestand.”

Maar die huis was ryk aan sjarme en karakter, met pragtige staalplafonne en hope potensiaal. Boonop was daar 'n winkel reg teen die huis en die paartjie sou dit maklik in 'n selfsorg-kothuis vir 'n ekstra inkomste kon omskep.

Met die hulp en aanmoediging van hul families (Martin se ouers het later by hul ou sandsteenhuus ingetrek) het hulle in Junie 2021 die groot stap gedoen en met die opknappwerk begin.


Die huis was destyds skaars bewoonbaar. Pilare het gevaarlik oorgehel, die meeste van die houtvensterrame het verbrokkel, daar was barste in die mure en die pleister het aan genade gehang.

“Party kamers het 'n aaklige reuk gehad wat nie wou wyk nie,” sê Hannes. Eers nadat hul huishoudster die vloere herhaaldelik met witasyn en koeksoda gemop het, is dié probleem opgelos. >>



Verfkleur

O'Grady's Paint  
Sandstone



Voor

### INGANGSPORTAAL

Pleks van die skril kleure wat hulle in die begin begroet het, is die gang nou elegant en neutraal. Die kabinet was 'n geskenk van Griffiths and Griffiths waar Martin voorheen gewerk het. “Die kunswerk is gekoop vir 'n kliënt wat dit uiteindelik nie wou hê nie,” sê Martin. “Toe hang ons dit hier.”

### EETKAMER


Hannes en Martin het die leefvertrek in 'n eet- en sitarea verdeel. Die groot eetkamertafel en -stoele is in hul fabriek, MH Exclusive Furniture, gemaak. 'n Sierlike kabinet huisves versamelgoed en die geraamde foto's is van Regina Busch van RG Frames. Martin se ma het die orgidee gekweek.



## LEEFVERTREK


“Toe ons die eerste keer by dié vertrek instap, het ons geweet ons sou iets omtrent die kaggel moes doen,” vertel Martin. Hulle het die baksteenomranding verwyder en ’n nuwe kaggel met ’n mooi kurwe gebou; dis afgerond met ’n kaggelrak wat hulle by Die Blikplek op Ficksburg raakgeloop het. Die rusbank en leunstoel is ook deur MH Exclusive Furniture gemaak.

Kabinet vir glasware van Roy Griffiths by DL Furniture





Teëls van CTM; laaikas met inlegwerk van Griffiths and Griffiths



#### BADKAMER

“Die badkamer het die meeste werk nodig gehad, hoewel ons reeds die ou bad gehad het,” verduidelik Martin. Hulle het die bad vars laat emaljeer en dit geverf, en vir trefkrag teëls in die Italiaanse styl gekies.

## Van voor af

Gelukkig het die huis se uitleg goed vir hulle gewerk. “Ons het die matte gelig en die muur tussen die klein eetkamer en nog kleiner kombuis afgebreek ten einde ’n groot kuierkombuis te skep,” sê Martin. “Ons het ook die deurgang na die winkel langsaan toegebou sodat dit nou ’n heeltemal aparte ruimte is,” verduidelik Hannes.

Al die loodgieterswerk en elektriese bedrading moes vervang word. Hulle was gelukkig dat Martin se pa, Tella, die meeste van die bouwerk kon doen; hy het ook ’n plaaslike nutsman opgespoor wat al die vensters kon restoreer.

Toe die struktuur eers beveilig en die pilare herbou is, kon hulle dit as ’n huis begin inrig. “Elke liewe binnendeur het ’n ander kleur gehad, maar ons het almal wit geverf,” vertel Martin. “Jy kan baie regkry met verf.” As ywerige meubelversamelaars het hulle heelwat gehad om uit te kies. “Maar omdat ons wou hê ons huis moet ’n ontspanne landelike gevoel hê, het ons van die meubels spesiaal vir hierdie huis gekoop.”

“Tipies van Martin het hy my een Dinsdag net vertel ons trek die Donderdag in. Maar daardie Vrydagaand het dit gelyk of ons al jare hier bly,” sê Hannes. >>



Die paartjie het bypassende klerekaste (een hier op die foto) vir die hoofslaapkamer by Granny’s Attic in Johannesburg gekoop. “Noudat ons kleiner kaste het, kom ons agter dat ons met minder kan klaarkom.”



Gordynmateriaal van Chamdor; stoeltjie van Amatuli



## Verfkleur

Plascon Night's Cloak

## HOOFSLAAPKAMER

“Ons het die kleiner kamer as hoofslaapkamer gekies omdat dit nie teen die pad is nie en 'n uitsig op die berge het,” verduidelik Martin. Agter die bed het hy houtstroke gebruik om die voorkoms van panele te skep (*sien oorkant*). Die muur daarbo is versier met Sasi Wallpaper-plakpapier wat hulle reeds gehad het; 'n diepblou kleur teen die mure vertoon dié detail ten beste.





**FASADE**

Martin en Hannes het die voorkant van die huis verfris deur die vensters en maasdraad uit te haal en die pilare te herstel. Vir 'n byderwetse voorkoms is die huis wit en die dak swart geverf. “Ek wou nog altyd ’n wit spitspaalheining hê,” sê Martin. Hulle het dié in Bethlehem laat maak en ingesit om hul honde binne te hou en die eiendom van die straat te skei. “Altesaam 25 liter verf was nodig om dit te bedek.”



Hannes (*links*) en Martin





Hierdie deel van die stoep is ideaal vir al fresco-etes. Die ou kombuiskas is by 'n antiekwinkel op die dorp gekoop. Tafel en stoele van Okkie's Antiques



'n Skildery deur 'n onbekende plaaslike kunstenaar hang bo twee rottangstoele wat Martin en Hannes by Okkie's Antiques op die dorp gekoop het.

[KENNERSRAAD]

Oor eilande



Met die ekstra werk- en bêrespasie wat 'n kombuiseiland bied, asook die geselligheid wat dit om die kospotte skep, raak dié element al hoe gewilder. Nialè van der Merwe, ontwerper by Easylife Kitchens, gee raad:

- Voordat jy 'n eiland in jou kombuis bou, moet jy seker maak daar sal genoeg beweegruimte tussen die eiland en ander kombuiskaste wees. So is 'n opening van minstens 1 100–1 200 mm ideaal om 'n oond deur oop te maak, en 900 mm vir deurloopspasie.
- 'n Eiland se hoogte hang af van hoe jy dit gaan gebruik. Die ergonomiese standaardhoogte in die bedryf is 900 mm vir kosvoorbereiding. Indien jy op eetkamerstoele daar wil sit en eet, kan jy 'n laer blad met 'n hoogte van 745 mm byvoeg. As jy kroegstoele wil gebruik, is 1 100 mm 'n gerieflike hoogte; in dié geval is 'n oorhang van 300 mm ook nodig sodat jou knieë gemaklik daaronder kan pas.
- Indien jou kombuis deel van 'n oopplan-gesinskamer uitmaak, oorweeg dit om jou kookvlak op die eiland te installeer sodat jy na die vertrek kyk terwyl jy daar kook. Maak wel seker daar is genoeg ruimte tussen die kookvlak en die eetdeel en tussen die kookvlak en die rand van die eiland om beserings te vermy.
- Aangesien talle kombuise deesdae 'n aparte opwasplek het, is 'n spoelwasbak in die eiland 'n gerieflike bron van water vir groente afspoel of die ketel of 'n kastrol volmaak.
- Installeer 'n opwipkragpunt of twee vir mengers en ander klein toestelle.
- Indien jy kosmaak op jou eiland, is 'n ingeboude vullisblik baie nuttig. Voeg oop rakke aan die kante by vir resepteboeke en speserye; ook 'n wynyskas indien jy gereeld onthaal.

KONTAK [niale.v@easylife.co.za](mailto:niale.v@easylife.co.za); [easylifekitchens.co.za](http://easylifekitchens.co.za)

TOTAAL R168 253,46

|                            |           |
|----------------------------|-----------|
| Teëls                      | 2 641,50  |
| Verf                       | 9 870,89  |
| Ligte                      | 3 412,80  |
| Gasgeiser                  | 3 250,00  |
| Kombuiskaste               | 48 200,00 |
| Houtheining                | 8 450,00  |
| Loodgieterswerk en krane   | 18 595,51 |
| Sement                     | 2 482,51  |
| Stene                      | 5 958,40  |
| Hout                       | 2 891,85  |
| Kontrakteur (Tella Harris) | 62 500,00 |



# Skep spasie

Slim ontwerp het 'n beknopte, ouderwetse woonstel omskep in kontemporêre oopplan-huurverblyf.

Deur Kim Arendse • Foto's Henrique Wilding • Produksie Marian van Wyk



Houtraamvensters en 'n deur is verwyder en die balkon is toegemaak met aluminiumraamvensters. Die donker blokkiesvloer is met 'n ligter gelamineerde vloer in 'n visgraatpatroon vervang en spieëls teen die slaapkamerkas weerkants natuurlike lig in die ruimte.



Kaindl Designer Fortress Rochesta- gelamineerde vloer van Flooring Depot; balkonvensters van Alunite; houtskool wafelweef-deken van Mr Price Home; Bakuba-deken van Mungo; kussings van Woolworths



## DIE EIENAARS

Brett Anderson-Terry en Roger Maitland

WAAR Oranjezicht, Kaapstad

GROOTTE 43m<sup>2</sup>

**D**rie en twintig jaar gelede het Brett Anderson-Terry by Peak View, 'n lieflike, goed versorgde woonstelgebou tussen welige bome in Kaapstad, ingetrek. Hier, met Tafelberg aan die een kant en die stad wyd uitgestrek aan die ander kant, het hy eers 'n eenslaapkamerwoonstel gehuur voor hy dit by die eienaar gekoop het.

Oorspronklik sou hy net ses maande bly ...

Dis nou twee dekades later, en Brett is steeds hier – deesdae as die eienaar van nie net een nie, maar twee woonstelle in die gebou: Een deel hy en sy eggenoot, Roger Maitland, en die ander een het

hulle in 2020 gekoop met die oog daarop om dit te verhuur vir 'n ekstra inkomste.

Brett vertel hoe dit gebeur het: “My buurvrou, wat geweet het hoe lief ek vir opknep is, het gevra dat ek kom raad gee oor haar woonstel; sy wou dit verkoop. Die plek was, soos die eiendomsagente graag sê, ‘n opknapper se droom!’”

So tussen die gesels deur kon Brett voel hoe sy hande begin jeuk, want hy sou soveel met hierdie beknopte woonstel kon uitrig. Pleks van raad te gee, het hy aan haar 'n aanbod gemaak om dit te koop – en kort voor lank was hy kniediep in 'n kreatiewe opknep! >>

Werkblaaie en spatpaneel van The Inside Story; muur- en vloerteëls van Cash Tiles; lig van Arora Lights; houtdienbord, groen bak en plantmandjies van Mr Price Home

### KOMBUIS

Buiten die “vetkrytkleure” wat Brett met 'n gesofistikeerde monochroom palet wou vervang, wou hy die ruimte 'n moderne gevoel gee en dit ewe toeganklik maak vir groentjies as kosfoendies, met ruim bêreplek in hoë kaste en genoeg kragpunte – wat van drie aangegroei het tot 13! “Ek wou 'n ligte, skoon afwerking hê met subtile swart handvatsels, granietblaaie en swart teëls wat met die wit kontrasteer,” sê Brett. “Maar die eerste ding wat mense oplet, is hoeveel spasie ons in die kombuis geskep het. Voorheen sou dit maar gesukkel het om 'n Sondagmiddagete hier te kook!”







## SLAAPKAMER

Brett het die oorspronklike slaap-/leefvertrek vergroot deur die balkon toe te bou. “Met die sterk wind wat die stadskom in die somer teister, kry ’n mens soveel meer nut uit ’n toegeboorde balkon. Dis lekker om hier op die bank te sit en oor die bome heen te kyk na waar jy ’n vlugtige blik op Tafelberg kry.”

Bank en stoel van Superbalist; kunsafdrukke en kussingootreksel van Mr Price Home; strooikussing van Woolworths



## Slim en kreatief

Brett en Roger se eie woonstel is net een verdieping boontoe. “Dit was baie gerieflik om so naby te wees tydens die opknep,” vertel Brett (*bo*). “Ek kon die projek tot in die fynste besonderhede self bestuur.”

Dit was ’n reis na Spanje enkele jare gelede wat sy dekorkeuses beïnvloed het. “Terwyl ek deur die strate van Barcelona gestap het, het ek waardering gekry vir die balans tussen subtile en sterk elemente, vandaar die kontras met swart en wit deur die hele woonstel,” verduidelik hy.

Die woonstel is piepklein – net 43 m<sup>2</sup> – en soos Brett alte goed weet, vereis dit tonne kreatiwiteit en deeglike beplanning om ’n klein ruimte op te knep.

“Die meeste van my ruimtebesparende ontwerpidees kom uit eie ervaring van ’n woonstelleefwyse en gesprekke met vriende wat ook in woonstelblokke woon.”

Trouens, Brett het so ’n reputasie met klein ruimtes opgebou dat hy skaars kan voorbly met voorstelle aan bure wat ook wil opknep – ’n uitdaging wat hy telkens met graagte aanvaar! Hierdie vernuftige korporatiewe afrigter en organisatoriese ontwikkelingskonsultant het sedertdien vyf eenhede in Peak View vernuwe, asook drie ateljeewoonstelle in ’n ander blok in die buurt.



Spieëlraak van Iconomy; skeerseep van Ruby Soul



Hennep waslap van Skin Creamery


## BADKAMER

Ondanks sy sowat 70 jaar was die badkamer in ’n goeie toestand, maar dit moes gemoderniseer word, vertel Brett. “Die agterste deel van die slaapkamerkas het tot in die badkamer gestrek, die geiser was bo die bad en die toilet het na die ingang gekyk – wat dit beknopt en ’n estetiese ramp gemaak het!” Die agterste muur van die slaapkamerkas is verwyder en ’n stort het die bad vervang. “Met ’n gangmuur tussen die kombuis en badkamer verwyder, moes daar eenvormigheid wees, daarom het ek byvoorbeeld dieselfde teëls gebruik. Ek het met die oriëntasie van die teëls gespeel om subtile trefkrag te skep sodat die teksture, kleure en vorms met die oog flankeer.”





# Die proses...



'n Kort muur tussen die kombuis en die slaap-/leefvertrek is uitgebreek; in die plek daarvan is nuwe slaapkamerkaste gebou. 'n Deel van die kas huisves ook die yskas vir die kombuis langsaan – 'n slim truuk om plek te bespaar! Aan die ander kant van die kombuis is 'n nie-lasdraende gangmuur ook verwyder, wat 'n oopplanruimte geskep het. "Met die mure uit, is 'n plafon van beton met mooi kleur en tekstuur blootgelê; ons het die afvlaklaag in die kombuis verwyder en die plafon bedek met 'n glansseëlaar (*sien bl. 65*). Brett het witgeverfde kroonlyste bygevoeg vir kleur- en tekstuurkontras.

Loodgieterswerk deur 3 Peaks Plumbing; bou-, verf- en teëlwerk deur Ebrahima Fagodien; elektriese werk deur RSL Electrical

## [KENNERSRAAD]

## Reëls en regulasies



Om woonstelle op te knap met ander inwoners so naby, is deesdae 'n groter uitdaging met dié dat meer mense van die huis af werk, sê Greg Anderson van SL Property Trust, die besturende agent van die woonstelblok waar Brett woon. Hy gee 'n oorsig van enkele faktore wat 'n mens in gedagte moet hou:

- Geraas en die ure waartydens opknappwerk geskied moet so bestuur word dat dit die minste ongerief moontlik vir inwoners inhou.
- Ofskoon verskillende reëls by verskillende woonstelgeboue geld, sê Greg dat opknappwerk ná ure, oor naweke en op openbare vakansiedae gewoonlik verbied word.
- Die reëls kan ook beperkings stel ten opsigte van geraas tydens breekwerk, die vervoer en opberging van boumateriaal, asook die verwydering van bourommel tussen bepaalde tye gedurende die week.
- Voordat woonsteleienaars met opknappwerk begin, moet hulle 'n volledige beskrywing van die beoogde opknapp voorlê en skriftelike toestemming daarvoor kry by die beheerraad, wat verkies is om die sake van die blok te bestuur.
- Beperkings kan insluit dat 'n eenheid se vloeroppervlak nie vergroot mag word nie en dat geen veranderinge wat die strukturele integriteit van die gebou aantast, toelaatbaar is nie.
- Die beheerraad sal ook skriftelike toestemming vereis vir enige opknapp wat die water- en elektriese verbindinge in gemeenskaplike eiendom raak.
- Die beheerraad kan 'n woning laat inspekteer om te verseker dat reëls nagekom word en kan 'n deposito vir skade vereis (die bedrag sal afhang van die omvang van die opknapp). Dit kan eienaars aanspoor om toe te sien dat kontrakteurs die gemeenskaplike eiendom respekteer en by die beperkings hou.
- Eienaars behoort vooraf die beleid en reëls ten opsigte van opknappwerk in hul woonstelblok by die bestuursagent aan te vra. 🏠



Die oorspronklike ingeboude slaapkamerkas was reg agter die bad; deur dit te verwyder en 'n muur daar te bou, is 500 mm ekstra badkamerruimte geskep vir die nuwe stort, asook 'n kas met plek vir die geiser en wasmasjien.

## BRETT SE TOPWENKE VIR DIE OPKNAP VAN 'N KLEIN RUIMTE

- Leef eers in die ruimte indien moontlik; dit sal jou help om uit te werk hoe jy die ruimte ten beste kan benut.
- Skep kontras met teksture en kleure, maar sonder dat dit die oog oorweldig. My stylvoorkeur is sterk dog klassiek.
- Skenk aandag aan detail, soos om die ruimte af te rond met stylvolle kroon- en vloerlyste.
- Daar's nooit genoeg kaste in 'n klein ruimte nie, en rommel is taboe!
- Kies skuifdeure met spieëls – dit spaar plek en skep die illusie van meer ruimte.

## TOTAAL: R323 090

|                                                               |        |
|---------------------------------------------------------------|--------|
| Installering van balkonvenster                                | 20 100 |
| Elektriese werk/materiaal, stoof, suigwaaier                  | 39 017 |
| Loodgieterswerk, kombuis- en badkamer-toebehore, geiser       | 67 043 |
| Stort- en badkamerdeur                                        | 14 023 |
| Bou- en pleisterwerk, materiaal                               | 31 000 |
| Teëlwerk, afvlak van vloere, installering van lyste, verfwerk | 26 450 |
| Kaste en werkblaaie in die kombuis, badkamer en slaapkamer    | 67 087 |
| Vloerbedekking, teëls, kroon- en vloerlyste                   | 36 370 |
| Allerlei, verf                                                | 22 000 |

**VERSKAFFERS & KONTAKTE** 3 Peaks Plumbing 084 583 1779 Alunite 083 411 7460 Arora Lights aroralights.co.za Cash Tiles cashtiles.co.za Ebrahima Fagodien 082 587 6441 Flooring Depot flooringdepot.co.za Iconomy iconomyonline.com Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za RSL Electrical 083 693 6975 Ruby Soul rubysoul.co.za Skin Creamery skincreamery.com Superbalist superbalist.com The Inside Story 081 845 3477 Woolworths woolworths.co.za



# NETJIES AFGEROND MET ISOBOARD

Verbeter die isolasie in jou huis met energie-doeltreffende IsoBoard.

IsoBoard bied jou 'n isolasie-oplossing vir nuwe én bestaande geboue, en dis een wat jy maklik self kan installeer.


Nou kan jou huis enige temperatuur-skommelings sonder moeite trotseer en kan jy jou leef- en werkruimte gemaklik hou vir die volle leeftyd van die gebou.

Dié omgewingsvriendelike termiese isolasie is geskik vir al die onderskeie dele van jou huis en is net so veelsydig as wat dit doeltreffend is.

Dit hou die temperatuur in jou huis konstant, wat beteken jy gebruik minder elektrisiteit vir verwarming óf verkoeling.

## *Het jy geweet?*

- 1 IsoBoard kan met waterbasisverf en houtbeits behandel word om by jou kleurskema te pas.
- 2 As jy 'n nuwe plafon oorweeg, kan jy die oue behou en IsoBoard direk daaronder installeer – 'n vinnige, permanente oplossing met die minste moeite of mors!
- 3 Aanliggende borde knip met tong-en-groefrande aan mekaar, wat installering vergemaklik en 'n ononderbroke hitte-isolasielaag verseker.
- 4 Gebruik IsoBoard se versteekte knippe en kleefmiddel wanneer jy jou plafon installeer.
- 5 IsoBoard is beskikbaar in diktes van 30-80 mm en lengtes tot 8 m, wat aan al jou vereistes vir termiese isolasie sal voldoen.





PROMOSIE

*Prakties  
en stylvol!*

Dis maklik om IsoBoard te installeer; kyk na die video op [netwerk24.com/tuis/](http://netwerk24.com/tuis/).



**LAAT HOOR VAN JOU**  
**KAAPSTAD** 021 983 1140,  
capestores@isoboard.com  
**DURBAN** 031 569 1800,  
dbnsales@isoboard.com  
**PRETORIA** 012 653 8204,  
northsales@isoboard.com

**ISOBOARD**  
Premier Thermal Insulation for • Roofs • Ceilings • Floors • Walls



Vir nog wenke, planne en inligting,  
besoek [isoboard.com](http://isoboard.com), "like"  
ons op [facebook.com/isoboard](https://www.facebook.com/isoboard)  
en volg ons op Twitter by @isoboard.







# Suiwer saligheid

Daar's darem niks  
wat 'n mens so  
verfris soos 'n nuwe  
badkamer nie.

Handdoek van  
The Cotton Company

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel  
Foto's Greg Cox, Karl Rogers  
en Christoph Hoffmann  
Stilering Marian van Wyk  
en Mary Jane Harris



#1

WIE WOON HIER? Sharon Welman

WAAR St. Francisbaai

KOSTE R1 200

## In swart en wit

Die intense geometriese plakpapier in die oopplan-en suite (*sien inlas, bl. 70*) was vir die kunstenaar en fotograaf Sharon Welman van Sharon Welman Artistry net te oorweldigend toe sy by haar nuwe huis ingetrek het.

“Ek het gehou van die swart bad en swart toebehore, maar nie van daardie plakpapier nie,” sê sy. “Dit was nog in ’n goeie toestand en ek het gegoogel hoe om plakpapier te verf. En ná ek dit gevef het, het ek my nuwe ontwerp vryhand bo-oor geteken – alles teen net R1200! My kitsoplossing om van die plakpapier ontslae te raak, het ontpop in iets waarmee ek baie in my skik is.

“Ek het ook die droëmuur wat die bad- en slaapdeel geskei het, uitgebreek. Nou is ek versot op die helder, ligte atmosfeer. Dis soveel aangenamer, en nie meer net die deurloop na die stort nie – ons gebruik dit werklik.” >>

**Verskeie plante sluit aan by Sharon se muurkuns (*bl. 70*). Op die rak bo is ’n pot met verskillende soorte kunsloof (*links*) en ’n skindersalie (*Plectranthus verticillatus*); onder is ’n *Kalanchoe* en pannekoekplant (*Pilea peperomioides*).**



Lyntekening deur Sharon Welman; Chimney Creature deur Gabi Lee



## Só het sy gemaak...

- Sharon het gevoel die bad is “weggesteek”, daarom is die droëmuur tussen die slaapkamer en en suite verwyder om die ruimte oop te maak.
- Sy het ’n oliebasis-onderlaag oor die plakpapier aangewend plaas van een met ’n waterbasis, wat die gom kan laat loskom. Nadat die onderlaag drooggeword het, was drie lae wit akriel-PVA nodig om die donker plakpapier behoorlik te bedek. Laastens het Sharon haar ontwerp met ’n dik swart merkpen vryhand oor die gevefde plakpapier geteken.

**Wenk** As jy jou ontwerp wil toets voor jy dit finaal teken, werk met kryt in ’n ligte kleur plaas van ’n potlood; dit is makliker om agterna af te was.



[KENNERSRAAD]

## Laat spat met plakpapier

“Jare gelede sou die idee van plakpapier in ’n badkamer

absurd gewees het,” sê Cara Saven van Cara Saven Wall Design. “Dis omdat die meeste plakpapiere destyds ten minste gedeeltelik van papier gemaak is. En papier en klammigheid is nie maats nie – was nooit en sal nooit wees nie.

“Maar met die nuwe generasie spesiaal bedrukte plakpapier, wat inderdaad geen papier bevat nie, is dit ’n gans ander saak. Van ons produkte is waterwerend en kan met gemoedsrus afgevee word, wat dit ideaal vir badkamers maak. En omdat die produkte naatloos is, is daar boonop geen lasplekke waar klammigheid kan inkom en die papier met verloop van tyd laat lostrek nie. Die kuns is om seker te maak jy het goeie ventilasie en dat die plakpapier nie deurweek of gereeld natgespat word nie.

“Dit ontsluit regtig ’n nuwe wêreld vir wanneer jy jou perfekte badkameromgewing ontwerp – niks is onmoontlik nie.”

**KONTAK** carasaven.com

Sharon het die kis se deksel afgeskuur en die woord “towels” daarop gestensil.





Ons bring vir jou die  
**BELIGTING-  
KEUSES** wat jou  
ontwerp pas



MUSE-HANGLIG  
P920G/W/B



**Eurolux** is passievol oor beligtingsneigings en een van Suid-Afrika se voorste verskaffers van beligting. Ons is toegewyd daaraan om aan kliënte 'n verskeidenheid van topklasprodukte van regoor die wêreld te bied.

COLMAR-HANGLIG  
P902CHA/SM/CL



PLAFONLIG  
D31PB



HANGLIG  
P1132SCF



**eurolux**  
Lighting your way

LIGEEENHEDE • LAMPE • ELEKTRIES • OV

**Kaapstad (Hoofkantoor):** Racecourseweg 9, Milnerton, 7441 | Tel: +27 (0) 21 528 8400 | E-pos: info@eurolux.co.za

**Johannesburg:** Milkywaylaan 10, Linbro-besigheidspark, Sandton, 2065 | Tel: +27 (0) 11 608 2970 | E-pos: jhb@eurolux.co.za

**Durban:** Talksure House 62 Umhlanga Ridge Boulevard, Umhlanga, Durban. | Tel: +27 (0) 31 263 0088



[www.eurolux.co.za](http://www.eurolux.co.za)



#2

**WIE WOON HIER?**

Cailin en Erik Wandrag

**WAAR** Johannesburg**KOSTE** R45 000**Tydloos klassiek**

Toe die Wandrags hul outydse badkamer met sy kersiehout-wasbakkas en gelerige sandsteenteëls en -blaaie begin opknop, het hulle hul planne om ná vyf jaar te verkoop, deeglik in ag geneem.

“Ons moes in gedagte hou dat die vernuwings by ’n breë mark moes aanklank vind,” vertel Cailin, ’n binneversierder. “Ek wou ’n tydlose ruimte skep. Dis hoekom die voorkoms ’n mengsel van klassiek en kontemporêr is, met die wasbakkas in die Shaker-styl en meer moderne krane, spieëls en teëls daarby.

“Verder moes die vertrek knus en aantreklik wees. Ek het muurteëls beperk tot die stort, waar ek metroteëls van geglasuurde klei gebruik het. Die kleiteëls het ’n effense tekstuur, wat die voorkoms versag. Die vloerteëls is vervang met keramiekteëls wat soos travertyn lyk; dieselfde teël is in mosaïek gesny vir gebruik op die stortvloer.

“Nou is ek dol oor hierdie ruimte; dis só sag op die oog. Ek het heelparty kerse en plante wat tot die atmosfeer bydra, want wat is dan nou lekkerder as om in die bad te ontspan met geurkerse en badsout?” >>







Nadat Cailin 2 jaar lank buiteligte van net R99 bo die wasbak gebruik het, het sy uiteindelik die perfekte ligte na haar smaak gekry.

Verskillende materiale is met opset vir die wasbakkas, krane, spieëls en deurhandvatsels (*onder*) gebruik sodat dit nie “te beplan” lyk nie. Alles werk egter goed saam. Die groot spieëls weerkaats nie net lig nie, maar ook ’n uitsig op die tuin.



Cailin het die wasbakkas se kleur drie keer verander! Sy’t begin met ’n liggrys en uiteindelik besluit op ’n donker houtschool, amper swart, en swart handvatsels. “Ek hou van die besondere luim wat die kleur skep en dit pas by die res van my huis,” sê Cailin. “Ek gebruik altyd Plascon Velvagro Non-Drip Enamel in my badkamers, omdat dit ’n lae glans het en klammigheid goed hanteer.”

## Só het hulle gemaak ...

- Die ou wasbakkas en krane, vloerteëls en mosaïek teen die mure is verwyder; so ook die stort. Om koste te bespaar is die ou bad behou. Al die loodgieterswerk is ook behou, maar met nuwe toebehore vernuwe.
- Houtskoolkleurige vensterrame het die ou wit rame vervang, terwyl die mure oorgepleister en geverf is.
- Die stort het nuwe teëls gekry en ’n wasbakkas met ’n klipblad is ingesit. Nuwe stortdeure was laaste aan die beurt, aangesien die grootte eers bepaal kon word nadat al die teëlwerk klaar was.



[KENNERSRAAD]

## Nuttig én mooi

As binneversierder is Cailin alte bewus van die feit dat kombuise en badkamers huise

verkoop. “Badkamers is van die mees benutte ruimtes in ’n huis, maar dis ook ’n toevlug waar ’n mens ná ’n bedrywige dag wil ontspan.” Hier is haar wenke:

**Hou dit netjies** deur grimeermiddels, produkte vir persoonlike higiëne, ou sponse en waslappe uit die oog te bêre.

**Bring jou persoonlike styl in**, hetsy met ’n industriële, natuurlike of luukse voorkoms, en vernuwe jou dekor daarvolgens. Raadpleeg leefstyl- en dekortydskrifte vir inspirasie en die jongste trends, en rond die geheel af met nuwe handdoeke, kunswerke, kerse, plante of mandjies. Hou die voorkoms eenvoudig en tydloos.

**Kies die regte toebehore en blaaie.** Deur net nuwe handvatsels vir die stort of ’n kas aan te sit en die handdoekrelings te vervang, kan ’n groot verskil maak. Daar’s ook talle nuwe keuses vir blaaie op die wasbakkas; hou in gedagte dat dié waterdig moet wees.

**Ligte** is uiters belangrik. Jy het algemene beligting nodig vir ’n lekker bad, en goed geplaasde taakbeligting waar jy tande borsel en grimeer. Spieëls met beligting voor of agter is beskikbaar; kies ’n fatsoen wat pas by die algehele voorkoms wat jy gekies het. Rus plafonligte toe met ’n verdofskakelaar en bring soveel natuurlike lig moontlik in met groot vensters.

**Badkamer matte.** Oorweeg ’n buitemat wat maklik skoonmaak en ontwerp is om ’n nat omgewing te trotseer. Dit sal warmte en tekstuur inbring, en die ruimte meer soos ’n toevlug laat voel.

**Bring groenigheid in** met ’n paar huisplante. My gunsteling sluit die pannekoekplant (*Pilea peperomioides*), *Philodendron scandens* en die rubberboom (*Ficus “Tresor”*) in.

**KONTAK** [instagram.com/studiocailin](https://www.instagram.com/studiocailin) >>

Teëls van Lime Green; krane, handdoekhake en wasbakke van Flush Bathrooms; handvatsels van Handles Inc.; wasbakkas deur Green Desert Carpentry; spieëls van Arkivio; ligte by wasbakke van Coote and Wench; handdoeke van Mungo; katoenmat van Made by Artisans; stoeltjie van Amatuli; kerse deur Kate Sunley



# **3** **WIE WOON HIER?** Wessie van der Westhuizen en Cashandra Willemse  
**WAAR** Gordonsbaai  
**KOSTE** R30 000

'n Lang nuwe  
venster skep  
'n elegante  
voorkoms in  
die oopplan-  
badkamer  
en laat  
natuurlike lig  
by die vertrek  
instroom.





## Pragtig in groen

Groen, beide Wessie en Cashandra se gunstelingkleur, was die vanselfsprekende keuse vir die nuwe teëls in hul badkamer. “Ons is heeltemal verlief op die palet en hou veral van skakerings soos jade-groen, die kleur wat ’n mens dikwels in Oosterse artefakte vind,” verduidelik Wessie.

Hy sê voor die opknep was die badkamer ietwat knap, met ’n klein bad en ’n nou storthokkie. “Alles het beknop en beklemmend gevoel. Die plan was om ’n behoorlike stortvertrek in ’n groot, oop ruimte te skep.

“En ons is mal oor die resultaat! Niks voel nou meer beknop nie en die oop stort is gemaklik en prakties – g’n glasskerms meer om te was nie!” >>



Aandag aan detail is duidelik in die toebehore, seephouers en selfs die stort se uitlaat.

Teëls van Stiles; wasbak en toilet van CTM; krane en toebehore van Bathroom Bizarre; stortuitlaat van TIC Bathrooms Online; koperhouers vir vloeibare seep van Douglas & Douglas; plantstaander van Mr Price Home; handdoeke van Mungo en Weylandts

## Só het hulle gemaak...

- Alles in die badkamer is uitgehaal; een venster is toegebou en die ander een is vervang met ’n nuwe lang venster tot op vloervlak. Nuwe teëls is op die vloer en teen die mure gelê en nuwe toebehore geïnstalleer.
- Die langer metroteël is in ’n klassieke visgraat-patroon gelê, en die toebehore in ’n kombinasie van geel- en rooikoper komplementeer die groen uitstekend.
- ’n Ou konsoletafel het nuwe nut gekry as wasbaktafel, met ’n lieflike swart marmerblad en koperpote wat perfek by die wasbak pas.




[KENNERSRAAD]

## Trendy teëlkleure

“In reaksie op die stresvolle laaste paar jaar smag die wêreld nou na kleur,” sê Stevie Joubert, uitvoerende hoof van Stiles. “Kleure geïnspireer deur die natuur, kalmerende skakerings en warm palette ontlok ’n gevoel van behaaglikheid, wat tot opwindende tendense lei.” Kyk net dié Stiles-gunstelinge:

**Akwa-blou en akwa-groen** Waterkleure raak al hoe aantrekliker. Huise waar elemente uit die see gebruik word, weerspieël die migrasie na die kus wat ná Covid merkbaar is.



1 Lux Kionia Azzurro 2 Lux Kionia Smeraldo 3 Metalbrick Green, 4 Metalbrick Blue 5 Provence Blue Gloss

**Salie** Die rustige toon en natuurlike aantrekkingskrag van salie maak dié skakering deesdae ’n gewilde keuse.




1 Kit Kat Alga Matt 2 Alga Liso Gloss

**Pienk** Oorweeg pienk skakerings vir ’n sagte, vroulike aanslag.



1 Kit Kat Rosa Matt 2 Monocolour Rosa Liso Matt

**Neutraal** Moenie room en beige onderskat nie. Dié neutrale kleure is tydloos, veral saam met teëls met ’n houtvoorkoms.



1 Burberry Beach 2 Decape Miele

KONTAK [stiles.co.za](http://stiles.co.za)



#  
**4**

**WIE WOON HIER?**  
Darryl en Amelia Caalsen  
**WAAR** Paarl  
**KOSTE** R20 000

Die metaalrak is 'n tweedehandse kopie wat Amelia met swart spuitverf vernuwe het.





## Elegant in wit

Toe Darryl en Amelia na 'n pragtige ou huis in die Paarl trek, was daar nie 'n en suite-badkamer by hul slaapkamer nie. Langsaan was daar wel 'n pakkamer – toe omskep hulle dit in die ruimte wat hulle wou hê.

Dié omskepping het gevolg op 'n groter projek waartydens 'n deel van die lang stoep in 'n opwaskamer, 'n spens en dié pakkamer verander is.

Al is die nuwe badkamer nie baie groot nie, voel dit ruim danksy 'n instapstort en kontemporêre wit teëls teen twee van die mure.

“Ons wou 'n ligte, moderne badkamer met klassieke bekoring skep, daarom het ons interessante patrone op die vloer en teen die mure gekies,” sê Amelia. “Die visgraatontwerp laat die mure groter lyk as wat hulle is en gee trefkrag aan die ruimte.”

En Amelia se gunstelingdeel van die nuwe toevoeging? Die venster wat oor die tuin uitkyk.



'n Ou radiokabinet het herleef as wasbakkas. Amelia het dit grys-swart geverf en die blinding vir die venster gemaak. Die spieël het sy tweedehands gekoop; sy het die houtraam geskuur en afgewit.

Vloer- en muurteëls van Tiletoria; lig van The Lighting Warehouse; wasbak van CTM

### VERSKAFFERS & KONTAKTE

Amatuli amatuli.co.za Arkivio arkivio.co.za Bathroom Bizarre bathroom.co.za Coote and Wench philip-coote.squarespace.com CTM ctm.co.za Douglas and Douglas douglasanddouglas.co.za Flush Bathrooms flushbathrooms.co.za Gabi Lee instagram@gabileestudio Green Desert Carpentry greendesert.co.za Handles Inc. handlesinc.co.za Kate Sunley katesunley.com Lime Green limegreenss.co.za Made by Artisans madebyartisans.co.za Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za Sharon Welman Artistry facebook.com/sharonwelmanartistry The Cotton Company thecottoncompany.co.za The Lighting Warehouse lightingwarehouse.co.za TIC Bathrooms ticbathrooms.co.za Tiletoria tiletoria.co.za Weylandts weylandts.co.za

## Só het hulle gemaak...

- Die buitedeur uit die pakkamer is toegebou en die staalraamvensters is vervang met een van die vloer tot die plafon.
- Die vloer is afgevlak, waarna nuwe swart-en-wit teëls gelê is. Langwerpige wit teëls in 'n visgraatpatroon teen twee van die mure weerkaats lig in die badkamer wat andersins nie veel direkte sonlig kry nie.




[KENNERSRAAD]

## Drie gewilde teëls


“Teëls met 'n handgemaakte voorkoms is nou so reg in die kol,” sê Nicole Russell van Italtile. Sy wys haar gunsteling- nuwe ontwerpe:

**Gebosseleer** Hierdie muurteëls is die perfekte voorbeeld van die patroon-op-patroon-trend wat al hoe gewilder word. Dit spog met stippels, golf-, heuningkoek- en ruitpatrone en hul besonderse glans is die resultaat van 'n tydrawende proses; gevolglik word dié mooigoed net in klein hoeveelhede gemaak.



Embossed

**Patrone** Niemand verstaan patroon so goed soos die Spanjaarde met hul legendariese *alegría de vivir* oftewel “lewensvreugde” nie. Die vars Howard Blue-porseleinteël het byvoorbeeld 'n ligblou botaniese abstrak binne 'n geweefde geometriese raam in blou, wit en swart. Patrone hou die oog besig en is daarom al as teenvoeter vir angstigheid beskryf; dié mooi herhaling laat jou voorwaar rustig en op jou gemak voel.



Howard Blue

**Klein metro** Dinamiet kom sowaar in klein pakkies! Mosaïekvelle met afgeskuinste miniatuur-metroteëltjies op 'n maasvel is 'n variasie op die tradisionele metroteëls wat die afgelope dekades in badkamers te sien is. Hierdie porselein-mosaïek kan teen 'n kombuismuur as spatpaneel of teen 'n stort- of fokusmuur, hetsy binne of buite, gebruik word.



Mini Subway

**KONTAK** [italtile.co.za](http://italtile.co.za) 🏠



**WIE WOON HIER?** Lois-Mari en Willie Rossouw,  
en hul kinders, Riël (3) en Leah (2)

**WAAR** Paarl

**GROOTTE** 35m<sup>2</sup>



Die afstand tussen die wynkelder en die plaasdam daar naby het min plek gelaat vir 'n stoep en swembad. Maar dit word wárm hier in die somer, en 'n afkoelplek vir gaste was onontbeerlik. Daarom het die Rossouws besluit op die langwerpige ontwerp, wat ook die algehele voorkoms van die gastehuis mooi afrond. Die stoeptafels en stoele, lêkussings en buiteligte is op Facebook Marketplace gekoop.



# Wyntenks word slaapplek

In Le Héritage kan gaste hulle verwonder aan die ryk kleur op die binnemure, die resultaat van duiwesap en wynsteensuur. Dié mure was immers 150 jaar lank die wande van portwyntenks.

*Deur* Cecile Greyling

*Foto's* Karl Rogers • *Produksie* Marian van Wyk



**A**s jy self gaan bou, moet jy altyd 'n Plan B en soms ook 'n Plan C hê. Só sê Willie Rossouw by nabetragting oor die eerste fase van hul projek om die eertydse portwynkelder op hul plaas Minié in die Paarl in 'n klein boetiekhotel te omskep. Hulle het vroeër vanjaar met die proses begin deur die voorste ry tenks – gebou van beton – in dié buitegebou as twee besonderse gaste-eenhede in te rig.

Die plaas dateer uit die vroeë 1800's en die Rossouws boer reeds ses geslagte lank hier. "So 'n ou plaas verg voortdurend onderhoud en geld. Ons moet dinge finansiële lewensvatbaar hou," vertel Willie se vrou, Lois-Mari.

Tot sowat 30 jaar gelede het die Rossouws port op Minié gemaak. Vandag sluit die gediversifiseerde boerdery ook pruime, koejawels, suurlemoene en olywe in, met die fokus steeds op wyndruiwe.

Die paartjie het begin rondspeel met die idee om die tenks waarin die portwyn oor geslagte heen gemaak is, vir 'n ander doel te benut. Die aanvanklike plan was om die tenks te omskep in broeikamers vir eetslakke.

"Gelukkig het ek per toeval met iemand gepraat wat hul hele produksie stopgesit het omdat die Paarlse somers eenvoudig te warm is," vertel Lois-Mari. "Die slakke soek 'n koel broeiplek en die tenks is ideaal daarvoor. Maar sodra jy hulle na buite skuif, vrek hulle weens die hitte. En die insetkoste van 'n geskikte verkoelingstelsel om produksie aan die gang te hou, sou net te hoog wees."

Teen die tyd dat die Rossouws die slakplan laat vaar het, het hulle reeds byna R30000 bestee net om deur die betonmure van sowat 80cm dik te breek. Dis toe dat hulle die blink plan kry om gaste-akkommodasie te skep – en binne nege weke is die tenks verdeel in twee volledige eenhede, elk met 'n slaapkamer, spatkamer en kombuis. Aan die buitekant het hulle ook 'n stoep en 'n swembad aangebou. >>



Plakpapier van Builders;  
deken van The Cotton Company



**Die boogvormige houtvensterrame is tweedehands en kom van 'n plaas in die Durbanville-omgewing. Lois-Mari het die oop hangkaste en rakke (bo regs) self ontwerp.**

Reissak van Lucy and Muffet





**SLAAPPLEK**

Die kamers is net 2,2 m breed, maar daar is genoeg plek vir 'n bed van koningin-grootte. Lois-Mari het bykomstighede in helder kleure gekies in kontras met die donker mure, en by haar eie styl gehou, eerder as om die tipiese hotelkamervoorkeuse te skep. Die bedlampies het sy tweedehands op Facebook Marketplace gekoop.


Bed en kopstuk van Primrose Furniture Traders; wit Egiptiese katoen-beddegoed van Whitehouse; blou deken van Mr Price Home; blou-en-wit deken van The Cotton Company; kussings oorgetrek met materiaal van Hertex







Badkamerkassie van Takealot; spieël van @home; blou handdoek van The Cotton Company; apie-haak van Superbalist



#### SPATKAMER

**Die middelste wyntenk is in twee gedeel om aan albei kante 'n spatkamer vir die twee wooneenhede te vorm.**

Deurhandvatsels van Handles Inc.; teëls van Decobella; storkop en -mengkraan van CTM; blou handdoek van The Cotton Company

#### KOMBUIS

**Verskillende plaaslike vakmanne het die kombuiseenheid volgens Lois-Mari se ontwerp gemaak.**

Deurknoppe van Handles Inc.; wasbak van Leroy Merlin; kraan en lampskerm van Takealot; staalwerk deur JC Theart; houtwerk deur Wilken van Deventer; spuitverfwerk deur JS Powder Coating



## 'n Goeie span

Om koste te bespaar het die Rossouws besluit om soveel moontlik van die werk self te doen. Dit was ook vir hulle belangrik om plaaslike kontrakteurs en ambagsmanne te ondersteun.

Omdat die struktuur reeds daar was en die omskakeling relatief eenvoudig sou wees, was dit nie nodig om formele bouplanne in te dien nie. Lois-Mari, 'n taalpraktisyn met 'n voorliefde vir ontwerp, het sommer 'n vryhandskets van die uitleg gemaak. Sy het ook die rakke en kaste in die slaapkamers en kombuise ontwerp. “Alles is pasgemaak en moes funksioneel wees, want die spasie is klein. Ek dink ek het my eintlike roeping gemis,” skerts sy.

Met die bouery het die ding plek-plek skeefgeloop. Gelukkig kon hulle op Willie se stiefpa, Paul Henry, afgetrede besturende direkteur van Rawson Developers and Construction, se nommer druk.

“Gevestigde kontrakteurs wil nie juis kleiner projekte soos ons s'n aanpak nie, daarom vra hulle groot geld vir so iets,” sê Willie. “As jy 'n beperkte begroting het en jou eie ding doen om so koste-effektief moontlik te werk, moet jy maar altyd gereed wees met 'n plan as iets onvoorsiens voorval.”

Hy vertel van die hoofbrekens wat die swembad hulle besorg het. “Ons het 'n bietjie verkeerd gebou daar,” sê hy. Die gat vir die swembad is byvoorbeeld heelwat dieper gegrawe as wat dit moes wees. Plan B was om dit so diep te los en trappe in te bou.

Die Rossouws beplan om oor die volgende klompie jare die ander ongebruikte tenks in die wynkelder ook te omskep in verblyf – dié keer 'n groter gesinseenheid met 'n ontvangsportaal en sitkamer.

“Ons het baie geleer en sal dinge in die toekoms beter kan doen,” sê Lois-Mari. “Vir ons was die grootste les dat ek en Willie 'n baie goeie span maak!” >>





#### SWEMBAD

Die uitsig vanaf die damwal op die kelder. Danksy die 19 m lange swembad kan twee groepe gaste aan die teenoorgestelde kante kuier sonder om in mekaar se geselskap te wees. Die trappe wat by die ente ingebou is nadat die swembad “per ongeluk” te diep gegrawe is, skep heerlike sitplek in die water wanneer die Paarlse somerhitte te erg raak. Willie vertel dat die swembad se kante aanvanklik enklumure van 140 mm-sementblokke was. “Ons was ongelukkig met die mure se sterkte en het besluit om houtbekisting buite-om te plaas met ’n 100 mm-holte tussenin,” verduidelik Paul. “Dié is toe gevul met beton wat daarna goed geïmprimeer is.” Die mure en vloer is ook met staal versterk. Plaveiselrand van SmartStone





# Só het hulle gemaak...



## WOONEENHEDE

Hamerbore is gebruik om deur die betonmure tussen die ou wyntenks te breek ten einde groter eenhede te vorm. Om die outentieke karakter te behou, is die donker vlekke en wynsteensuur teen die mure net met Dulux Bonding Liquid geseël. Waar daar gate gemaak is, is die tekstuur en kleur nagemaak deur sement met rooibruin oksiedpoeier te meng en met 'n spikkelmasjien aan die mure te spuit.



## STOEP

Die stoep moes mettertyd gelig en oorgedoen word, omdat die baksteenplaveisel op plekke ingesak het. Willie en Lois-Mari het hier 'n fout begaan deur die grond wat uit die gat vir die swembad gekom het, vir opvulwerk onder die stene te gebruik. Stiefpa Paul kon gelukkig raad gee. "Die stoep moes op dieselfde vlak as die swembadrand kom. Die grond hier was baie swaar klei. Om die insakking reg te maak, is al die klei tot 'n diepte van ongeveer 1,5m verwyder en teruggevul met skoon bousand wat goed gekompakteer is," verduidelik Paul.



## SYFERWATER

Met 'n natuurlike fontein naby die swembad het die bouspan vermoedelik 'n ondergrondse wateraar raakgegrawe. Plan A, om die water met 'n pomp uit te suig, was ná 'n week en 'n half se gesukkel ooglopend tevergeefs. Willie en Paul het 'n nuwe plan gemaak: "Ons het nog 'n gat op die laagste punt gegrawe, die water daarin laat loop en toe uitgepomp," vertel hulle.

## SWEMBAD SE TRAPPE


Willie en Lois-Mari lag nou lekker oor die swembad se diepte: 'n volle 2,4 m. "Daar was net 'n oomblik toe niemand by was om 'n ogie te hou nie en toe's die gat bietjie dieper as wat ons beplan het," vertel Lois-Mari. Om die bodem te lig met baksteenlae, sou baie duur uitwerk. Plan B was diep trappe by die ente.







Om die ouderwetse gevoel te behou, word die buitemure van Le Héritage steeds met die tradisionele kalk afgewit, eerder as om verf te gebruik. Dis ook heelwat goedkoper.



[KENNERSRAAD]

## Wenke vir daardie eerste projek



**Paul Henry, afgetrede besturende direkteur van Rawson Developers and Construction, het dié raad vir voornemende selfdoeners:**

- Indien jy jou eie planne optrek, maak seker dit is akkuraat en volgens skaal. Hou uit die staanspoor jou ontwerp vir die interieur in gedagte, veral as dit kom by rakke en kaste wat moontlik pasgemaak moet word.
- Doen kostebeplanning so akkuraat moontlik, sodat duur ekstras jou nie onverhoeds vang nie. In dié opsig het Willie en Lois-Mari seker gemaak dat hulle boek hou van al die kostes, selfs kleiner items soos glase en kurktrekkers. Met dié inligting kon hulle uitwerk hoeveel geld die eerste twee gastekamers sal moet genereer voor hulle met die volgende fase van hul toekomstige boetiekhotel kan begin.
- Wanneer jy opknapwerk aan ’n ou gebou doen, probeer om tweedehandse materiaal uit ’n soortgelyke era te bekom; dit dra by tot die outentisiteit van die gebou.
- Moenie probeer om die projek alleen aan te pak nie. Kry iemand met kennis om te help. “As ’n bouer merk dat jy nie veel boukennis het nie, kan hy moontlik kortpaaie probeer vat,” waarsku hy.
- En as jy nie die dienste van ’n gevestigde kontrakteur gaan gebruik nie, moet jy onthou dis jou verantwoordelikheid om seker te maak dat werkers die nodige veiligheids-toerusting het. Jy as werkgever is verantwoordelik vir enige beserings op die bouperseel.

**KONTAK** 082 333 3144 📍

**VERSKAFFERS** @home [home.co.za](http://home.co.za) **Builders** [builders.co.za](http://builders.co.za) **CTM** [ctm.co.za](http://ctm.co.za) **Decobella** [decobella.co.za](http://decobella.co.za) **Dulux** [dulux.co.za](http://dulux.co.za) **Handles Inc.** [handlesinc.co.za](http://handlesinc.co.za) **Hertex** [hertex.co.za](http://hertex.co.za) **JC Theart** 072 419 9005 **JS Powder Coating** 082 802 7179 **Le Héritage** [leheritage.co.za](http://leheritage.co.za) **Leroy Merlin** [leroymerlin.co.za](http://leroymerlin.co.za) **Lucy and Muffet** [facebook.com/lucyandmuffet](https://facebook.com/lucyandmuffet) **Mr Price Home** [mrphome.co.za](http://mrphome.co.za) **Primrose Furniture Traders** [primrose-furniture-traders.business.site](http://primrose-furniture-traders.business.site) **SmartStone** [smartstone.co.za](http://smartstone.co.za) **Superbalist** [superbalist.com](http://superbalist.com) **Takealot** [takealot.com](http://takealot.com) **The Cotton Company** [thecottoncompany.co.za](http://thecottoncompany.co.za) **Whitehouse** [bedbathhome.co.za](http://bedbathhome.co.za) **Wilken van Deventer** 072 399 5519

### TOTAAL R658 450

#### BINNE

##### Kamers

|                      |        |
|----------------------|--------|
| Meubels              | 35 000 |
| Ligte, lugversorging | 21 000 |
| Beddegoed, ens.      | 18 700 |

##### Kombuise

|                           |        |
|---------------------------|--------|
| Toestelle                 | 14 100 |
| Wasbak                    | 2 600  |
| Ligte                     | 3 000  |
| Meubels, deure, gordyne   | 24 800 |
| Breekgoed, eetgerei, ens. | 12 900 |

##### Badkamers

|                                                              |        |
|--------------------------------------------------------------|--------|
| Badkamerdeure en handvatsels                                 | 6 300  |
| Stortkop, krane                                              | 6 150  |
| Teëls                                                        | 8 000  |
| Wasbak, kassie, spieël, toilet                               | 8 000  |
| Lig met verhitte en waaier                                   | 2 000  |
| Handdoeke                                                    | 3 000  |
| Geiser                                                       | 3 000  |
| Bykomstighede                                                | 2 800  |
| Ander: Bindmiddel, poeierbedekking, skakelaars, alarm, Wi-Fi | 25 500 |

#### Subtotaal R196 850

#### BUIITE

##### Stoep

|                               |        |
|-------------------------------|--------|
| Sand, sement, stene, ens.     | 20 800 |
| Buiteligte                    | 3 000  |
| Buitemeubels en bykomstighede | 22 000 |

##### Swembad

|                          |        |
|--------------------------|--------|
| Filter, pomp, Kreepy     | 5 000  |
| Boublokke, sement, staal | 22 000 |
| Glasveselvoering         | 22 000 |
| Plaveiselrand            | 7 300  |
| Ligte, ens.              | 5 000  |

##### Ander

|                              |        |
|------------------------------|--------|
| Dakverf                      | 4 000  |
| Septiese tenk en pype        | 4 000  |
| Logo's, borde                | 1 500  |
| Huur van toerusting          | 26 000 |
| Elektriese bedrading         | 10 000 |
| Nuwe glas, deure en vensters | 6 000  |

##### Kontrakteurs

|                    |         |
|--------------------|---------|
| Breekwerk          | 25 000  |
| Bou- en plaveiwerk | 205 000 |
| Swembadbou         | 50 000  |
| Elektrisiteit      | 23 000  |

#### Subtotaal R461 600



**WIE RY SAAM?** Johan en Mimmie Human en  
hul Jack Russell, Dashuri  
**VAN WAAR** Pretoria  
**GROOTTE** 14m<sup>2</sup>



# Reg vir die pad



Mimmie in haar "kantoor". Die Humans het die voorste passasiersitplek aangepas sodat dit kan draai, en Johan het 'n wegvoutafel daaragter ingesit wat opswaai vir gebruik as werkstasie. Die blad kan ook na buite swaai as dientafel wanneer hulle braai.





Met al wat 'n moderne geriefie daarin is dié kampeerwa die Humans se paspoort tot die beste ervarings wat Suid-Afrika bied.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Christoph Hoffmann

**N**adat Mimmie en Johan Human 'n dokumentêr gesien het oor 'n Duitse paartjie wat die wêreld platreis in 'n omgeboude bus, het hulle daaraan begin dink om ook so iets aan te pak. Dié gul, sportiewe egpaar hou immers van nuwe ervarings en avonture.

“Ons was nog altyd versot op die buitelewe en reis, en het al meer as 22 lande besoek,” verduidelik hulle.

In daardie stadium was dit net 'n droom. Maar toe Mimmie, 'n finansiële adviseur en reisblogger, haar man betrap dat hy na advertensies vir geskikte paneelwaens loer, was sy in haar noppies. Dit was net die soort projek wat Johan, 'n entrepreneur wat ook 'n ervare nutsman en houtwerker is, se hande laat jeuk.

“Ons kinders is almal uit die huis,” sê Mimmie. “Met dié manier van reis sou ons gemaklik en goedkoper kan kom en gaan soos ons wil. En ons hondjie, Dashuri, sou kan saamry.”

Nadat hulle talle handelaars in tweedehandse voertuie besoek en die internet gefynkam het, het hulle 'n 2015-Ford Cargo Van met 'n ekstralang asafstand en 'n hoë dak, en wat net 140 000 km afgelê het, teen 'n goeie prys raakgeloop. “Maar dit was in Kaapstad en te groot om op 'n vragmotor te laai. Toe het ek gereël dat iemand dit aanry Pretoria toe,” vertel Johan.

Intussen het hulle begin dink oor wat hulle alles in die wa wou hê. “Op ons lysie was groot vensters, 'n eetplek wat in 'n bed

omskep kon word, 'n kombuis met genoeg werkspasie, 'n koffiemasjien, induksiestoof, mikrogolfoond, broodrooster en ys-/vrieskas. Ons wou ook 'n stort en 'n regte toilet hê, en daarvoor natuurlik 'n watertenk en pomp, en 'n elektriese geiser.”

Toe die paneelwa opdaag, het hulle dit sorgvuldig gemeet en begin beplan hoe om alles op hul wenslysie daarin te kry. Johan en Mimmie het toe tussen hul ander verpligtinge deur 10 maande lank aan die aanpassings gewerk. “Toe dit klaar was, is ons na Kyleu Bush Camp in die Dinokeng-wildreservaat noord van Pretoria. Omdat daar nie water of elektrisiteit was nie, kon ons die voertuig goed uittoets en kyk wat werk en wat nie,” verduidelik Mimmie. So het hulle ontdek dat die wisselrigter (“inverter”) foutief was. “Ons het besef dat jy altyd 'n Plan B moet hê – soos 'n gasstoof en 'n dompelpot as die koffiemasjien nie werk nie.”

Die voertuig het wel nie lugreëling nie; daar's ook nie 'n geskikte stelsel wat hulle kon installeer nie. “Maar dit pla nie – daar is 'n turboaangedrewe plafonwaaier wat warm lug onttrek en vars lug inbring,” sê Mimmie. “Ons het ook 'n waaier in die badkamer en 'n kleiner een voor. Ons kon selfs 'n warmer insit teen die koue.”

Sedertdien het die twee al van die Wildekus tot in Namakwaland gereis. Hul leuse op die wa, wat hulle The Wandering Nomad gedoop het, spel hul filosofie uit: *Collect moments not things! Dare to live the life you've always wanted.* >>



As 'n mens só reis, kan jy *in jou eie gemaklike bed slaap*, met  
jou gunstelingkussing. – Mimmie



Die storthokkie spog met 'n behoorlike toilet en wasbak, en is afgerond met keramiekteëls – Johan se enigste toegewing ten opsigte van gewig. Die kraan op die kombuiswasbak swaai nie net uit jou pad nie, maar jy kan die kop uittrek en as handstort gebruik om sandvoete af te spoel of die hond te bad.





Bedags dien die banke (wat bēreplek binne-in het) en tafel (*regs*) as eetruimte. Saans sak die tafel in die ruimte tussen die banke en vorm dit 'n bed van koningin-grootte (*onder*). Die kussings, gestoffeer deur Smart Systems Solutions, skep 'n gemaklike matras. Links en regs van die bed is klein, verstelbare leesliggies. Johan het vensterbanke ingebou waarop jy 'n koffiebeker of glas water kan neersit. >>

Strooikussings van Mr Price Home





# Só het hulle gemaak...



Hoewel die wa in 'n goeie toestand was, met net enkele merke en duikies, het Johan roesskade onder die geverfde vloer ontdek. Hy moes eers die verf verwyder en die roes behandel voordat die dak en vloer met rubber bedek is.




Die paneelwa het aanvanklik soliede kante gehad, daarom het Johan vensteropeninge gesny ter wille van lig en 'n uitsig. "Dit was nogal senutergend," onthou hy. Nadat 'n kontrakteur hom met die eerste vensters kom help het, het hy manskas genoeg gevoel om die res self aan te pak.



Johan moes gate vir die toilet, oorhoofse waaiers en elektriese aansluitingskas sny. Hy het die stortvloer gelê en self al die elektriese bedrading, ligte, kragpunte, skakelaars en sonkragpaneel geïnstalleer, maar 'n kontrakteur ingeroep vir hulp met die wisselrigter en aansluitingskas.



Om die hitte en koue uit te hou en die wa klankdig te maak, het Johan die plafon, wande en vloer geïsoleer met Isotherm-isoleermateriaal en Reflectix-foelie. Die storthokkie is agter die bestuurdersitplek geplaas en die pypwerk is ingesit.



Johan het 'n hangkas gebou, asook kaste met laaie vir kombuistoerusting, breekware en messegoed. Muurspasie is gebruik vir oorhoofse kaste, byvoorbeeld een waarin die mikrogolfoond pas. Hy het ook die banke (met bêreplek daarin) en die swaaitafel gebou. "Toe alles eers op hul plek was, het ek 'n vinielvloer reg deur gelê," vertel hy.



"Ek het gehou van die idee om op die dak te kan sit en die uitsig te geniet," vertel Mimmie. Daarom het hulle 'n groot dakrak en 'n leer om dit te bereik, laat pasmaak. Dit het hulle ook die geleentheid gebied om 'n 450W-sonpaneel op die dak te sit wat met 'n wisselrigter in 'n kas onder die bed verbind is. "Nou kan ons geheel en al 'off the grid' reis," sê Johan.

Hoewel daar geen gordyne of blindings is nie, het Mimmie vensterbedekkings vir privaatheid en isolering gemaak. 'n Afdak was die kersie op die koek. "Weens die wa se hoogte kon ons nie 'n geskikte een plaaslik kry nie. Ons enigste opsie was 'n ingevoerde aluminium-afdak wat met 'n gemeganiseerde roller werk," vertel Mimmie.

Koelhouer en strooikussings van Mr Price Home







## JOHAN EN MIMMIE SE WENKE

- “Iets wat jy in gedagte moet hou wanneer jy so ’n wa uitrus, is dat jy baie kilometers oor stamperige paaie gaan aflê. Jy moet dus seker maak alles is beveilig en dat die deure en laaie nie sal oopgaan nie. Ek het by al die laaie en deure skuiwe en meganismes aangesit wat met ’n druk-aksie werk,” sê Johan.
- Jy moet ook gewig in ag neem. Kies breekgoed en messegoed wat min weeg, onbreekbaar en stapelbaar is sodat dit min plek nodig het. Mimmie het ’n versameling opvoubare bakke aangeskaf, asook ’n veelsydige Omnia-oond (te kry by uitgesoekte kampeerwinkels) waarin jy enigiets op ’n stoofplaat kan bak.
- “Ons het ontdek dat nie al die plekke wat ons wou verken, toeganklik is vir die wa nie. Gevolglik het ons ’n Suzuki Jimny aangeskaf wat ons op sekere ritte agter die wa aanhaak,” sê Johan.

## [KENNERSRAAD]

# Voertuig-ombouings



Daar is ’n paar aspekte wat jy in ag moet neem voordat jy ’n voertuig in ’n huis-op-wiele omskep. Leon Botha, woonwa- en kampeerjoernalis by *Weg! Ry & Sleep*, het dié raad:

- Die aandryfstelsel (“drivetrain”) is vir seker die belangrikste keuse wat jy moet maak by

die oorweging van ’n geskikte voertuig. Met tweewiel-aandrywing beperk jy jou bestemmingsopsies, maar bespaar op die koopprys en rykoste. Die toppunt is sekerlik ’n 4x4, maar buiten die hoër koopprys is dit ook swaarder – wat meer slytasie en ’n groter brandstofrekening meebring.

- Gewig is ’n kwessie, veral as dit kom by hoe jy dit uitrus.

Swaarder artikels moet nader aan die vloer geïnstalleer word, aangesien swaar toerusting wat hoog gemonteer is, die voertuig se swaartepunt verskuif. Dit kan jou voertuig laat swaai, wat hantering bemoeilik.

- ’n Gewone toilet en stort in ’n kampeerwa is ’n aardigheid, maar kan risiko’s inhou. Daar is talle kassettoilette beskikbaar en indien jy ’n keramiektoilet met ’n soortgelyke werking verkies, oorweeg dié wat op luukse seiljagte gebruik word.

- Belê in ’n regop yskas wat aanpasbaar is vir 12V. Gebruik gerus ’n tipiese kampeer-koelboks as rugsteun, maar as hoof-yskas kan dit frustrerend wees om kos daaruit te grawe.

- Onthou, as jy ombouings soos hierdie maak, moet jou voertuig herregistreer word. ’n Soortgelyke paneelwa sal waarskynlik ’n bruto massa van meer as 3 500 kg hê, en daarvoor het jy ’n kode C1-rybewys nodig. Ná herregistrasie sal die voertuig as kampeerwa geklassifiseer wees, wat beteken jy mag dit met ’n standaard-rybewys bestuur. As jy egter ook ’n klein voertuig daarmee wil sleep, moet jy weer ’n sleeplisensie (kode EB) hê.

- Indien jy nie ’n kleiner motor saamsleep vir kort ritte by jou bestemming nie, is die kampeerwa jou enigste vorm van vervoer. Dit beteken jy moet as’t ware kamp afslaan wanneer jy tydens jou vakansie op ’n wildbesigtigingsrit gaan.

- Hou in gedagte dat voertuie met soortgelyke afmetings as die Humans s’n hoër as ’n standaard-minibus is en daarom nie in ’n standaard-motorhuis pas nie.

**KONTAK** [rysleep@weg.co.za](mailto:rysleep@weg.co.za) 📧



## TOTAAL: R260 408

**Materiaal:** R252 758

Vensters 18 685

Isolering, rubberlaag, vinielvloer 29 073

Aluminiumtoebehore 7 566

Litiumbatterye, wisselrigter, sonkrag, vaste elektriese toebehore 78 920

Swaaitafel-montering, trappies 8 500

Fiamma-turbowaaier en -ontlugter 5 344

Badkamertoebehore en loodgieterswerk 14 595

Vaste kombuistoebehore 23 450

Teëlwerk 5 914

Stoffering 4 083

Draaisitplek vir passasier 7 865

Toestelle 15 486

Dakrak en leer 12 940

Fiamma-afdak 16 808

Allerlei 3 529

**Kontrakteurs:** R7 650

Skhumbuzo Joseph Zulu (installering van eerste paar vensters) 800

Installering van wisselrigter 3 350

Installering van dakrak, trappies en boks-sitplek 3 500

## VERSKAFFERS & KONTAK

Fiamma [fiamma.co.za](http://fiamma.co.za)

Mr Price Home [mrphome.com](http://mrphome.com)

Skhumbuzo Joseph Zulu 063 481 1181

Smart Systems Solutions [smartsystemssolutions.co.za](http://smartsystemssolutions.co.za)



# MAAK JOU kombuis WERK!

Lesers wys hoe hulle die hart  
van hul huis ten beste benut met  
praktiese uitlegte, slim planne en  
tonne persoonlikheid.

*Deur Beatrice  
Moore-Nöthnagel  
Foto's Greg Cox,  
Karl Rogers en  
Christoph Hoffmann  
Produksie Marian van Wyk  
en Mary Jane Harris*

**Verfkleur**

Dulux Acrylic  
PVA in Grey



## #1

## WIE WOON HIER?

Karen en Paul Blenkinsop

WAAR Somerset-Wes

## Kurwes op al die regte plekke

Jou gesin se behoeftes kan soms buitengewone oplossings vereis – soos om ’n kombuis met ’n ander vertrek in die huis om te ruil. Dit is juis wat Karen en Paul gedoen het toe hulle hul kombuis op die grondvloer na die gastekamer op die boonste verdieping geskuif het. Hulle spandeer immers die meeste van hul tyd op die daardie vlak wat direk op die boonste tuin en onthaaldeel oopmaak.

“Ons spot dikwels dat ons in ’n onderstebo huis bly,” sê Karen. “In die somer gebruik ons die boonste tuin daaglik, en ons wou die nuwe kombuis met hierdie ruimte laat skakel.”

Die skuif na wat voorheen ’n slaapkamer was, was egter nie sonder uitdagings nie. Tussen dié kamer en die badkamer langs was ’n enkelbaksteenmuur. Om skade aan die bestaande pypwerk in dié muur te vermy, het hulle die nuwe pypwerk vir die kombuis buite-op die muur laat sit en alles met houtpaneel bedek. Die resultaat is ’n interessante fokusmuur wat met ’n kurwe oorgaan in die plafon. “Ons hou baie van die warmte van die hout en die ‘golf’ wat dit vorm. Dit sluit eintlik perfek aan by Valsbaai waaroor die kombuisvenster uitkyk,” verduidelik Karen. “Boonop eggo dit die hout in ander dele van ons huis.” >>



Die rak hang aan arms gemaak van gegalvaniseerde pype en flense, terwyl ’n suigpyp van swart Colorbond-staal veel minder as ’n gekoopte vlekvrystaal-pyp gekos het.



## Verfkleur

Dulux PearlGlo Black Mica

## Verfkleur

Dulux PearlGlo  
Turbulent  
Tropics

Wiele onder dié eenheid verseker dat dit ook buite kan diens doen. Paul het die oorhoofse lig (*oorkant*) gemaak van drie lampkappe en gegalvaniseerde staalwaterpype en -hegstukke, en dit swart gevef.







[KENNERSRAAD]

## Sorg goed vir jou hout

**Frikkie Greeff, besturende direkteur van Woodoc, het hierdie waardevolle raad vir kombuisblaaie van hout:**

Hout is 'n wonderlike materiaal vir werkoppervlakke; dis sag op die oog, warm en van nature higiënies. Maar dis belangrik dat dit met sorg behandel en onderhou word. Verseëlaars of vernis wat 'n soliede deklaag bo-op die hout vorm, onderdruk die hout se natuurlike weerstand teen kieme; daarom is dit belangrik om 'n produk te kies wat interaktief met sy omgewing optree.

Dit beteken 'n produk wat die hout sal binnedring en terselfdertyd 'n mikroporeuse oppervlak vorm waardeur lug en vogtigheid steeds kan beweeg. Sodoende sal die houtblaaie beskerm wees teen skade en oormatige vogopname, terwyl hul natuurlike weerstand teen besoedeling ongeskonde bly.

Woodoc het verskeie verseëlaars geskik vir kombuise. Oorweeg dié produkte:

- Woodoc 5 is 'n helder mat verseëlaar wat uit poliuretaanhars en was bestaan.
- Woodoc 10 is 'n helder verseëlaar met 'n fluweelafwerking; dit bestaan ook uit poliuretaanhars en was.
- Woodoc Water-Borne Floor is 'n watergedraagde verseëlaar; dit kom in 'n kleurlose (glans-/mat), asook in 'n wit (glans-/mat) afwerking.

Al hierdie produkte sal hout teen matige hitte, koue, alkohol en vogtigheid beskerm. Oppervlakke wat daarmee verseël is, vereis die minimum onderhoud: Vee dit eenvoudig af met 'n klam lap om dit skoon te hou, en behandel dit van tyd tot tyd met Woodoc Deep Penetrating Furniture Wax.

**KONTAK** woodoc.com



Die Blenkinsops het al die werk self gedoen en alles uit hul ou kombuis hergebruik, buiten die wasbak, kraan en werkblaaie. Hul eetkamertafel is in 'n kombuiseiland omskep deur twee van hul ou kombuis-kaste, wat Karen geverf het, by te voeg.


### TOTAAL: R29 852

|                          |        |
|--------------------------|--------|
| Wasbak en kraan          | 6 798  |
| Loodgieterswerk          | 1 771  |
| Houtpanele en werkblaaie | 10 105 |
| Materiaal, ens.          | 7 898  |
| Blindings                | 1 280  |
| Lig bo eiland            | 2 000  |

Nuwe kables, kragpunte en skakelaars is ingesit en die nodige loodgieterswerk gedoen voor die raamwerk met oorslagplanke bedek is; daarna is die kaste, werkblaaie en toestelle geïnstalleer.

## Só het hulle gemaak...

Die vorige kombuis is versigtig uitmekaargehaal sodat al die karkasse, deure en toestelle weer gebruik kon word; terselfdertyd is die ingeboude kaste, mat, plafonlig, waaier en vloerlyste uit die slaapkamer verwyder. Die vloer is herstel en met PowerSeal Polyurethane Floor geverf in die kleur Grey.



*Aan die werk...*

'n Raamwerk van sparre is teen die muur en plafon gebou, met geronde stutte tussen die twee vlakke. Hulle het ook 'n model van die ronding gebou om te sien hoe dit sou werk en lyk.



Pyp en voegskorte vir geronde plafon van Hottentots Holland Roofing; elektriese materiaal van Frontline Electrical Supplies; lampkappe van Mr Price Home; rubberhout vir werkblaaie van Somerset Timbers; swart wasbak van Italtile



# **2** **WIE WOON HIER?** Jane Hoar  
**WAAR** Paulshof, Johannesburg  
**KOSTE** R234 500

## Laat daar lig wees!

Koebaai donker en somber; halo lig en lugtig! Ná Jane se opknap is sy behoorlik in haar noppies met haar veel groter en helderder kombuis. “My ou kombuis was taamlik klein, met donker kaste en vloere,” verduidelik sy. “Wat ek beoog het was ’n oop, ruim vertrek met wit kaste, kwartsblaaie, ’n eiland in die middel en ’n PVC-plafon.”

Buiten dat sy die ruimte wou oopmaak en die kaste wou vervang, wou Jane ook die stoof verruil vir ’n gas-kookblad wat nuttig is tydens kragonderbrekings.

“Die oopheid en skoon lyne van my nuwe kombuis is vir my pragtig,” sê sy. “Deur twee binnemure te verwyder het die hele voorkoms verander. Daar is nou soveel lig; en die eiland is so mooi! Ek moet myself steeds knyp om seker te maak dis my huis.”

### Verfkleur

Plascon Plaster



Die vloer is van nuuts af bedek met 67 m<sup>2</sup> glyvaste teëls ter wille van Jane se honde.





Toestelle is versteek in 'n doelgemaakte kas met 'n waterdigte basis.

## Só het Jane gemaak...

Alles in die kombuis is uitgehaal en twee binnemure is afgebreek om een oop ruimte te skep. Die ou staalraamvensters is met twee groot skuifvensters vervang.



Twee binnemure tussen die kombuis en leefareas is verwyder.



Vier vensters en 'n dubbeldeur na die stoep is uitgehaal en vervang met twee aluminiumraam-skuifvensters en 'n stapeldeur met vyf panele.



So te sê alles, buiten die agterdeur wat na die tuin lei, is uitgebreek.



[KENNERSRAAD]

## As jy 'n nuwe venster insit...

Volgens Jenny Collins, bou-ontwerper by Red Cat Design, is groot vensters wat warmte en sonlig by die kombuis laat instroom en as skakel met die omgewing dien, dikwels 'n puik toevoeging tydens 'n kombuisopknep. Sy vertel wat 'n mens in ag moet neem:

Die grootte van 'n venster hang af van:

**Jou kombuisuitleg** Groter vensters neem muurruimte in beslag; maak dus seker jy behou genoeg kasspasie.

**Jou begroting** Onthou enige venster breër as 3m vereis 'n struktuurbaalk ontwerp deur 'n struktuuringenieur.

**Die styl in die ruimte** Vensters met vierkantige of horisontale proporsies werk goed in 'n moderne huis en kombuis, terwyl vensters met vertikale proporsies beter pas in ouer huise en meer klassieke kombuise.

**Uitsig** Waarop gaan die venster uitkyk? Dit maak byvoorbeeld nie sin om 'n mooi groot venster in te sit as jy niks anders as jou wasgoedlyn daardeur kan sien nie.

**Oriëntasie** 'n Groot venster na die weste kan 'n kombuis ongemaklik warm maak in die laat namiddag.

Watter soort venster werk die beste?

**Stapel- en skuifvensters** is nuttig wanneer dit op 'n stoep oopmaak; 'n dienblad buite vorm 'n heerlike kuierplek of neersitplek vir eetgoed en drankies.

**Horisontale skuiframe** in 'n meer moderne huis of **vertikale skuiframe** in

ouer, meer tradisionele huise, werk ook goed.

**Stapeldeure** maak 'n ruimte heeltemal oop. Hulle het wel meer panele as skuifdeure en lyk dus besiger en verg meer moeite; die gestapelde deure neem ook 'n deel van jou buiteruimte in beslag. 'n **Groot soliede venster** is wonderlik as daar 'n mooi uitsig is en die ander vensters wel kan oopmaak vir ventilasie.

**Jenny se topwenke om die grootste moontlike venster in te sit:**

- Verleng die venster na bo tot so hoog moontlik. Ek volg as algemene reël 'n hoogte van tot 2,4 m, maar dit hang af hoe hoog jou plafon is. Struktuurvereistes bepaal gewoonlik dat daar 300 mm baksteenwerk tussen die bokant van jou venster en die plafon moet wees.
- Verleng dit na onder tot dieselfde hoogte as jou werkoppervlak sodat die werkblad tot in die vensteropening kan strek. Dis nie altyd maklik om reg te kry nie; laat jou venstervervaardiger en die maatskappy wat jou werkblaaie insit, die detail uitsorteer voor installering.

**KONTAK** [redcatdesign.co.za](http://redcatdesign.co.za)

Glyvaste Johnson & Johnson-teëls van Tile Africa; metroteëls teen spatpaneel van CTM; Tivoli-kombuiskraan van Italtile; vensters van Crealco; kaste van Cashmere Kitchen; bouwerk en afronding deur Allan Graham Construction & Renovations





Horisontale skuifvensters is nou baie gewild by kombuisopknappe – dit skep 'n gesellige skakel tussen binne en enige kuierruimte buite.



Die plafon is vervang en 'n nuwe plaasstyl-lig ingesit.



Wit kaste met kwartsblaaie skep 'n helder, ligte voorkoms en atmosfeer.





#3

**WIE WOON HIER?** Karin Bath**WAAR** George**KOSTE** R375 000

## Twée keer so mooi!

“Ek is seker die enigste mens wat haar kombuis twee keer opgeknop het!” vertel Karin met ’n breë glimlag. Die eerste keer het sy net die muurteëls verwyder, die oudmodiese houtkaste ligter geverf en werkblaaie van beton ingesit. “Dit het alles goed gewerk, maar ek was nogal teleurgesteld met hoe sleg die betonblaaie verouder het,” verduidelik sy. “Toe ek daaraan begin dink om dit te vervang, het ek oorweeg om die vloer en plafon ook te vernuwe. Toe droom ek verder van ’n groter kombuis met groter vensters vir meer natuurlike lig, en wou ek sommer ook ’n spens insit en ekstra werkplek skep...”

Dit was nie lank nie of die projek het gelei tot ’n volskaalse opknop waartydens mure verwyder, die grond van voor af gekompakteer en die fondasie en vloer gestabiliseer is, en die ou plafon vervang is.

Met die beplanning van die nuwe kombuis kon Karin weer haar tekenbord en -penne uit die tyd toe sy binne-ontwerp gestudeer het, uithaal. “Dit was goed dat ek jare lank in die huis gewoon het voor so ’n omvattende opknop; ek het geweet waarvan ek hou, wat ek nodig het en wat sou werk,” sê sy.

“Uiteindelik het ek presies gekry waarvan ek gedroom het: meer natuurlike lig, meer werkspasie en ’n nuttige spens – en dit sonder om aan te bou. Ek is mal oor die fyn ontwerpdetail en die groot venster met sy uitsig.” >>

Karin, ’n ywerige naaldwerker, het ’n smeestertafelpoot laat maak wat aan ’n ou Singer-masjien herinner.



Trendy Franse eikehout pas lieflik by die geverfde kaste, terwyl meranti-vensterrame die ander houtelemente in die ruimte eggo.



Die venster teen die agterste muur is vergroot ter wille van die uitsig. Die ou ooghoogte-oond is vervang met een onder die werkblad, wat haar 70 cm ekstra werkspasie gegee het. Die skeepskombuis-uitleg teen hierdie muur skakel enige hoekkaste, wat nie altyd prakties is nie, uit; boonop is die werkspasie bo so 'n hoekkas dikwels onbruikbaar of geneig om onnet te raak. Die goed gebalanseerde uitleg plaas al die kollig op die teëls teen die spatpaneel.

**Verfkleur**

Plascon Cloverdale

**Dis in die detail**

Al die kragpunte, ligskakelaars en die stroombreker vir die oond is onder die bokaste versteek, wat die lieflike teëls ongeskonde laat vir maksimum visuele trefkrag.





Die kas bo die suigkap het 'n glasvoorkant en 'n lig binne wat die aandag op die breekware vestig. Die suigwaaier se pyp na die plafonruimte is netjies beklee.

## Só het Karin gemaak...

Nadat die muur wat die vloerspasie in twee verdeel het, verwyder is, is die U-vormige kombuis in 'n skeepskombuis verander. Met dié uitleg kon Karin 'n groot venster insit en hoekkaste vermy. Nuwe viniel wat nes afgevlakte beton lyk is op die vloer gelê; dit bly maklik skoon en is warm onder jou voete.



[KENNERSRAAD]

## Oor blou en groen

“Al is grys en wit steeds hoogmode vir kombuiskaste, raak sagte en donkerblou skakerings, asook verskeie groene, al hoe gewilder,” sê Jenny Moolman, handelsmerk-bestuurder by Duram. “Hierdie kleure werk lieflik wanneer jy 'n kalm en skeppende ruimte wil skep.” Sy het hierdie raad:

Kies uit die uitgebreide reeks pastel- of donkerblou kleure en groene van ons streepkaarte of uitgesoekte Habitat Colour Collection. Probeer Vidal Surf of Desert Rose indien jy 'n sagter, meer gedempte skakering soek; oorweeg andersins Black Mussel of King Mackerel vir 'n kragtiger voorkoms.

Ons sien wêreldwyd dat al hoe meer organiese onderlae in huise gebruik word. Hieronder tel houtelemente soos ontblote eikehout vir laaivoorkante of kasdeure. Dit is detail wat 'n lieflike balans aan 'n blou of groen palet gee.

Behalwe dat hout 'n tikkie weelde inbring, verskaf dit ook warmte en tekstuur tussen die gewoonlik koeler groene en bloue. Met wit klipwerkblaaie daarby is dié palet ideaal vir daardie vars, skoon gevoel wat mense in 'n kombuis verkies.

**KONTAK** [duram.co.za](http://duram.co.za)



Groen is my gunsteling-kleur. Dit kan lastig wees as jy die verkeerde skakering kies, en voel baie koud saam met grys. *Hout bring warmte in so 'n kleurskema*, en in kombinasie met die teëls en plakpapier maak dit my kombuis persoonlik en uniek. – Karin

Bouwerk deur CGC Construction; kaste, leer, smeeyster-tafelpoot en installasie deur Downstream Tranquil Furniture; Magnolia-plakpapier van LaPerle; Como-vinielvloer van Franks Flooring; Pavimento Centro Florentine-teëls van Italtile; Mont Blanc Caesarstone-blaaie van Oriental Stone; meranti-vensterrame van R&B Joinery; ligte van K. Light; handvatsels van Gelmar





Danksy twee dubbelvoudeure wat langs die kante van die kas inskuif, is oop kasdeure nooit in iemand se pad nie. Slim!



Die ruimte voor die wasbak was net groot genoeg om 'n houder vir kombuispapier in te sit.



Dié treffende glaskas met dieselfde magnolia-plakpapier as die kombuiskas (bo), is ingebou waar voorheen 'n toegeboorde deuropening met eenvoudige houtrakke was.



Die kabinet rondom die yskas het ook laaie en 'n uittrek-rak vir die broodrooster. Vadoek van Mungo



Dis in die detail

Dun swart aluminiumrame herinner aan fabrieksvensters en vorm die perfekte uitstalplek vir kosbare mooigoed.



Die nuwe kombuis het Hettie se droom bewaarheid: Dit spog met 'n kombinasie van ou en nuwe artikels, industriële elemente en 'n tikkie Karoo. Die kramerykas op wiele dien as 'n besondere eiland in hierdie klein ruimte. Bo-op is dieselfde klip as wat vir die werkblaaie gebruik is.





Bird Watch-lap van Hertex;  
blindings gemaak deur  
Colleen's Curtains



'n Losstaande afgewitte mangohoutkas uit Indië pas perfek onder die groot kombuisvenster; vir eenvormigheid het dit ook 'n klipblad soos die ander werkblaaie gekry. 'n Klein vierkantige wasbak was 'n bekostigbare alternatief vir die gewone laboratoriumwasbak, en die kraan is net die regte hoogte.



#  
**4** **WIE WOON HIER?** Hettie en Andries Cronjé  
**WAAR** Welgedacht, Kaapstad  
**KOSTE** R265 000

## Karoo-karakter

Klein bruin teëltjies en bruin melamienkaste het veel te wense oorgelaat toe Hettie en Andries na hul nuwe tuiste getrek het. "Dit was maar 'n donker prentjie!" onthou Hettie.

Met die ietwat klein kombuis was daar net een strukturele opsie: Die spens moes deel van die kombuis word en die ingang na die ruimte moes vergroot word vir beter vloei.

Die Cronjés het gaan kers opsteek by Wilhelm Jacobs van Wilco Designs om hulle met die nuwe voorkoms te help. "Ons wou graag van ons mooi antieke meubels in die kombuis gebruik; my droom was 'n kombuis waar oud en nuut bymekaarkom," verduidelik Hettie.

"Dit moes klassiek en tydloos wees, maar ook modern en industrieel – met 'n knus Karoo-kinkel!"

Gelukkig het Wilhelm kans gesien hiervoor. Hy het klipkleurige kaste in die Shaker-styl ontwerp, en enkele glasdeure in swart aluminiumrame, wat soos fabrieksvensters lyk, bygevoeg vir 'n moderne gevoel. Maar eers moes die Cronjés se bouwer, Lodry Bambie, alles in die ruimte uitbreek en die bouwerk afhandel.

"Dié kombuis is wel kleiner as die een in ons vorige huis, maar ons het nou meer plek om erfstukke wat voorheen weggesteek was, uit te stal," sê Hettie. "En hoewel daar nie plek vir 'n eiland was nie, kom die ou kramerykas tot sy reg hier!" >>

Klip-werkblaaie van Vicostone Quartz Surfaces;  
kaggel van Fireplace City



Waar die nuwe kaggel  
staan, was voorheen  
'n gangdeur – dié is  
toegebou.





## Só het Hettie gemaak...

Die muur bo die ingang is tot teen die plafon oopgebreek; teëls is verwyder en die ou opwashoekie het deel van die nuwe oopplanruimte geword. Nuwe kaste is ingesit en vintage-meubels is met sorg bygevoeg.



'n Klein spens tussen die kombuis en opwashoekie is uitgebreek vir 'n groter kombuis en beter vloei tussen dié twee ruimtes.



Die vloerteëls is uitgekapt en vervang met 'n afvlaklaag. Die latei en stene bo die kombuis se ingang is afgebreek om meer lig in te laat.



Met die opwasdeel links en die kombuis regs is die nuwe oopplanvertrek nou soveel ruimer.



[KENNERSRAAD]

## Werk met 'n plan

**Stephanie Forbes, nasionale bestuurder van die Vereniging van Kombuisspesialiste (VKS), sê verbruikers wat 'n kombuis installeer, moet maar altyd een of ander verrassing te wagte wees. Onvoorsiene kwessies kan tot groot ongerief lei en kos gewoonlik tyd en geld. Hier is Stephanie se lys dinge wat aandag verg voordat jou kontrakteur instap om jou nuwe kombuis te begin insit:**

- Haal alles uit die ou kombuis, ook die muurteëls en vloerbedekking.
- Sorg dat alle bouwerk – die uitkap van mure, skuif van deure, nuwe vloer- en muurafwerking – klaar is en, indien moontlik, dat daar geen werkers op die terrein is wat nie by die kombuis betrokke is nie.
- Maak seker al die nodige veranderings aan jou elektriese en watergeleidings is gemaak en dat enige gaspype reeds gelê is voordat die kombuisinstallasie plaasvind.
- Indien jy jou eie toestelle bestel, gaan die vervoer- en afleweringstydskedule na om seker te maak jy kan alles betyds verwag. Dit help die kombuismaatskappy om lank genoeg vooraf te weet watter toestelle jy gekies het, asook elkeen se grootte en ventilasievereistes.
- Indien jy in die huis gaan woon tydens die opknep, rig 'n tussentydse kombuis elders in waar jy met die minste moeite kan kos maak en opwas.
- Kry die ruimte gereed vir die kontrakteurs. Pak enigiets wat waardevol of breekbaar is weg en bedek meubels met stoflakens. Maak seker die kontrakteurs het toegang tot 'n badkamer, water en elektrisiteit.
- Pak al jou kombuisware op; merk alles duidelik en hou enigiets wat jy dalk kan nodig kry, maklik bereikbaar.
- Kook en vries maaltye wat jy maklik tydens die projek kan opwarm.
- Maak seker al jou papierwerk is agtermekaar. Dit is noodsaaklik dat toestemming vir enige strukturele veranderings verkry is en dat jy jou kombuiskontrak gelees, goed verstaan en onderteken het.
- Stel jou kontrakteur in kennis indien daar enige oponthoud met die voorbereiding van die perseel is en hou hulle op hoogte. As jy die datum waarop hulle by jou moet aanmeld verander, moet jy hul skedule in ag neem, aangesien hulle ook ander kontrakte moet nakom.
- Stel 'n gesinsrooster op van wie wanneer op die perseel gaan wees, wie gaan kosmaak, die kinders gaan oplaai en wie elke dag die kontrakteurs in- en uitlaat.
- Maak seker wie jou sleutelkontak by die kombuismaatskappy is sodat jy maklik die regte persoon kan nader met enige navrae wanneer die span op die perseel is.

**KONTAK** [ksa.co.za](http://ksa.co.za) 📍

**VERSKAFFERS & KONTAKTE** Allan Graham Construction & Renovations [agconstruction.co.za](http://agconstruction.co.za) Cashmere Kitchen [cashmerekitchen.co.za](http://cashmerekitchen.co.za) Caesarstone [caesarstone.co.za](http://caesarstone.co.za) CGC Construction 079 778 8122, [chaz\\_c\\_me@yahoo.com](mailto:chaz_c_me@yahoo.com) Colleen's Curtains 083 456 9797 Crealco [crealco.co.za](http://crealco.co.za) CTM [ctm.co.za](http://ctm.co.za) Downstream Tranquil Furniture 082 259 0710 Fireplace City [fireplacecity.co.za](http://fireplacecity.co.za) Franks Flooring 044 884 1205 Frontline Electrical Supplies [frontlineelectrical.co.za](http://frontlineelectrical.co.za) Gelmar [gelmar.co.za](http://gelmar.co.za) Hertex [hertex.co.za](http://hertex.co.za) Hottentots Holland Roofing [hroofingsuppliers.co.za](http://hroofingsuppliers.co.za) Italtile [italtile.co.za](http://italtile.co.za) K. Light [klight.co.za](http://klight.co.za) LaPerle [laperle.co.za](http://laperle.co.za) Lodry Bambie 083 543 2010 Mr Price Home [mrphome.com](http://mrphome.com) Mungo [mungo.co.za](http://mungo.co.za) Oriental Stone 044 875 0645 R&B Joinery 044 884 0499 Somerset Timbers [sontim.co.za](http://sontim.co.za) Tile Africa [tileafrica.co.za](http://tileafrica.co.za) Vicostone Quartz Surfaces [vicostone.co.za](http://vicostone.co.za) Wilco Designs 082 829 8893



# KENMERKENDE SEMENT - AFWERKINGS

Besoek een van ons vertoonlokale

Johannesburg  
Jan Smutslaan 227, Parktown-Noord  
011 447 3149

Centurion  
Coachmen's Park 15, Jakarandastraat 26, Hennospark  
012 653 6808

Kaapstad  
Eagle Park, Computerweg, Montague Gardens  
021 555 1034



Vervaardigers van Kenmerkende Sementafwerkings  
[www.cemcrete.co.za](http://www.cemcrete.co.za) | 0860 CEMCRETE | [enquiry@cemcrete.co.za](mailto:enquiry@cemcrete.co.za)

**CEMCRETE**<sup>®</sup>



# Begin jou dag toegewikkeld in weelde.



**JEEVES**  
HEATED TOWEL RAILS

Sien al die ontwerpe en vind 'n handelaar by [jeeves.co.za](http://jeeves.co.za).